

Die omvang en funksionaliteit van voëlverwysings in die gedigte van D.J. Opperman

deur

Riël Christian Daniel Franzsen

'n Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

Departement Afrikaans

Fakulteit Geestewetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Professor Henning J. Pieterse

April 2013

Inhoudsopgawe

Opsomming	iv
Sleutelterme	iv
Abstract	iv
Key words	iv
Hoofstuk 1: Inleiding	1
1.1 Agtergrond	1
1.2 Teoretiese begronding, literatuuroorsig en eie bydrae	4
1.3 Navorsingsvrae	5
1.4 Omskrywing van belangrike terme	6
1.4.1 <i>Antropomorfisme</i>	6
1.4.2 <i>Bio-regionaliteit</i>	6
1.4.3 <i>Ekokritiek</i>	6
1.4.4 <i>Ekopoësie</i>	6
1.4.5 <i>Metafoor</i>	7
1.4.6 <i>Natuurgedig</i>	7
1.4.7 <i>Simbool</i>	7
1.5 Struktuur	8
Hoofstuk 2: Oorsig van die grondtemas in Opperman se oeuvre	9
2.1 Inleiding	9
2.2 Opperman se leefwêreld	10
2.3 Primêre temas in Opperman se oeuvre	11
2.3.1 <i>Die aardse</i>	11
2.3.2 <i>Die vrou</i>	12
2.3.3 <i>Die Groot-Groot Gees</i>	12
2.3.4 <i>Die digter as reisiger</i>	13
2.3.5 <i>Afrika</i>	14
2.4 Die funksie van voëls in Opperman se tematiek	14
Hoofstuk 3: Voëls in die gedigte van Opperman	15
3.1 Inleiding	15
3.2 Voëlspesies	15
3.2.1 <i>Hadida</i> (<i>Bostrychia hagedash</i>)	17
3.2.2 <i>Hamerkop</i> (<i>Scopus umbretta</i>)	17
3.2.3 <i>Gewone tarentaal</i> (<i>Numida meleagris</i>)	18
3.2.4 <i>Piet-my-vrou</i> (<i>Cuculus solitarius</i>)	19
3.2.5 <i>Gewone vleiloerie</i> (<i>Reënvoël</i>)(<i>Centropus burchelli</i>)	19
3.2.6 <i>Langstertflap</i> (<i>Sakaboela</i>) (<i>Euplectes progne</i>)	20
3.2.7 <i>Fiskaallaksman</i> (<i>Lanius collaris</i>)	20
3.3 Voëlsoorte	21
3.3.1 <i>Meeue</i>	21
3.3.2 <i>Kraaie</i>	22
3.3.3 <i>Swaeltjies</i>	22
3.3.4 <i>Kanaries</i>	22
3.3.5 <i>Uile</i>	23
3.4 Direkte en indirekte voëlverwysings	23
3.5 Voëls in bepaalde stylfigure	23
3.5.1 <i>Voëls as simbole</i>	23
3.5.2 <i>Voëls as metafore</i>	24

3.5.3	<i>Voëls en antropomorfismes</i>	24
Hoofstuk 4:	Funksionaliteit van voëls in enkele Opperman-gedigte	26
4.1	Inleiding	26
4.2	Funksionaliteit van voëls in enkele gedigte	26
4.2.1	“ <i>Shaka</i> ”	26
4.2.2	“ <i>Ná ’n besoek aan die dieretuin</i> ”	32
4.2.3	“ <i>Edms. Bpk.</i> ”	34
4.2.4	“ <i>Strelitzia en jangroentjie</i> ”	37
4.2.5	“ <i>Koggelbos</i> ”	39
4.2.6	“ <i>’n Mirakelspel: Wie’t Mossie doodgemaak?</i> ”	44
4.2.7	“ <i>Die goue snip van Afrika</i> ”	48
4.2.8	“ <i>Mahem!</i> ”	51
4.2.9	“ <i>Arende broei adellik</i> ”	53
4.3	Opsommende kommentaar	56
Hoofstuk 5:	Slotopmerkings en gevolgtrekkings	57
5.1	Slotopmerkings	57
5.2	Beantwoording van navorsingsvrae	58
5.3	Enkele gevolgtrekkings	59
Bibliografie		60
Bylae		68
Bylae A:	Lys van voëlspesies in Opperman se gedigte	68
Bylae B:	Lys van voëlsoorte in Opperman se gedigte	69
Bylae C:	Direkte en indirekte voëlverwysings in Opperman se gedigte	70
Bylae D:	Voëlverwysings per bundel	71

Opsomming

In die Afrikaanse letterkunde speel voëls by verskeie digters 'n belangrike rol – as simbole of metafore, of bloot as onderwerp in tradisionele natuurgedigte. Ook in die oeuvre van D.J. Opperman, een van die grootste Afrikaanse digters van die vorige eeu, speel voëls 'n belangrike rol. In sy nege bundels is daar verwysings na 32 voëlspesies en 26 voëlsoorte. In 123 uit 389 Opperman-gedigte is daar voël-verwante verwysings.

Opperman gebruik voëls baie effektief as simbole en metafore om onder meer menslike emosies en handelingte te suggereer of beklemtoon. Veral in sy eerste twee bundels, *Heilige beeste* (1945) en *Negester oor Ninevé* (1947), sy laaste bundel, *Komas uit 'n bamboesstok* (1979), asook sy bundel-in-wording waarin hy voor sy massiewe beroerte gewerk het, *Sonklong oor Afrika*, figureer voëls prominent. Die voëlkundige en bio-regionale akkuraatheid waarmee Opperman verwysings na voëls gebruik om die temas van gedigte toe te lig, is bevestiging van sy besondere fyn waarnemingsvermoë en dui daarop dat hy 'n meer as toevallige kennis van en belangstelling in voëls gehad het. Veral lesers met 'n kennis van voëls behoort 'n ryke leeservaring te hê by die lees en herlees van Opperman se gedigte.

Sleuteltermes

D.J. Opperman, voëlspesies, voëlsoorte, simbole, tema, oeuvre

Abstract

Birds play an important role in Afrikaans poetry – as symbols or metaphors, or simply as subject in traditional nature poetry. This is indeed true for the body of work of D.J. Opperman, one of the great Afrikaans poets of the previous century. In his nine volumes of poems there are references to 32 bird species and 26 kinds of birds. Out of a total of 389 Opperman poems, bird-related references are encountered in 123 poems.

Opperman used birds very effectively as symbols and metaphors to describe or reinforce human emotions or conduct. Especially in his first two volumes of poems, *Heilige beeste* (1945) and *Negester oor Ninevé* (1947), his last volume, *Komas uit 'n bamboesstok* (1979), as well as a volume he was working on before he suffered a debilitating stroke, *Sonklong oor Afrika*, birds feature prominently. The ornithological and bio-regional accuracy with which Opperman utilised birds to strengthen the themes of his poems, confirms his acute sense of perception. It also indicates that he had sound knowledge of, and more than a passing interest in birds. Especially readers with a sound knowledge of birds will have an enriching experience when reading or rereading Opperman's poetry.

Key words

D.J. Opperman, bird species, types of birds, symbols, theme, body of work

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Agtergrond

Deur die eeue heen figureer diere en voëls as simbole in die geestelike en sekulêre geskifte en beeldende kunswerke van volke en kultuurgroeperinge. Voëls word algemeen aangetref in die mitologie en godsdiens (Houlihan, 1986), volksoorlewing (“folklore”)(Biyela, 2009), asook in die beeldende kunste (Cloete, 1966; Houlihan, 1986; Burger, 2012) en letterkunde (Cloete, 1966). Meer spesifiek word voëls onder meer as simbole ingespan vir vrede (duif en swael), liefde (duif en swael), onheil en dood (uil, kraai en hamerkop), wysheid (uil en kraai), vrugbaarheid (ooievaar), skoonheid (swaan), adellikheid en mag (arend) en seisoene (swaels, koekoek).

In enger verband, met verwysing na die poësie, stel Cloete (1966:9) dit soos volg: “In alle literature kom die voël keer op keer in die poësie voor. Dit is miskien dié dierlike gestalte waaroor digters die meeste en graagste gedig het in alle tye.” So, byvoorbeeld, word voëls as sentrale tema aangetref of as simbole aangewend in die Klassieke digkuns (vgl Catullus (c 84- c 54vC) se twee gedigte wat handel oor die digter se minnares, Lesbia, en haar mak mossie), die Vlaamse en Nederlandse digkuns (vgl Guido Gezelle (1830-1899) se “De nachtegale” en “De rave” en Nijhoff (1894-1953) se “De vogels”), die Engelse digkuns (vgl Shelley (1792-1822) se “Skylark” en “Nightingale”, Keats (1795-1821) se “Ode to a Nightingale”, Wordsworth (1770-1850) se “To the Cuckoo” en “To the sky-lark” en Lawrence (1885-1930) se “Humming-bird”, “Eagle in New Mexico” en “The Blue Jay” (uit *Birds, beasts and flowers*), die Ierse digkuns (vgl Yeats (1865-1939) se “The wild swans at Coole” en “The hawk” en Heaney (1939-) se “St Francis and the birds”), Amerikaanse digkuns (vgl Frost (1874-1963) se “The minor bird” (uit *West-running brook*) en “The oven bird” (uit *Mountain interval*) en Cummings (1894-1962) se “The eagle”), Indiese digkuns (vgl Tagore (1861-1941) se “Stray birds”) en Chileense digkuns (vgl Neruda (1904-1973) se “Bird” en “Ode to birdwatching”).

Gedigte met voëls as sentrale tema, of waar voëls as simbool of metafoor ingespan word om die sentrale tema toe te lig, kom algemeen in die Afrikaanse digkuns van die 20^{ste} eeu voor – soos blyk uit Tabel 1-1.

Tabel 1-1: Afrikaanse gedigte uit die 20^{ste} eeu met voëls as ’n sentrale tema

Digter	Gedig	Bundel	Jaar
Eugène Marais	“Die woestyn-lewerekie”	<i>Dwaalstories</i>	1927
C. Louis Leipoldt	“Sekretarisvoël met jou lange bene” “Sing, Vinkie, Sing”, “Die hamerkop”	<i>Oom Gert vertel en ander gedigte</i> <i>Uit drie wêrelddele</i>	1911 1934
Jan F. Cilliers	“Namakwa-duifies”	<i>Die saaiër en ander gedigte</i>	1923
Totius (J.D. du Toit)	“Die leeurik”, “Die tarentaal”	<i>Skemering</i>	1948
D.F. Malherbe	“Die rooivlerkspreu”	<i>Somerdae</i>	1928
C.M. van den Heever	“O swawel”, “Voël van die ruimte”, “Die vertrekkende wildeganse”	<i>Aardse vlam</i>	1938
N.P. van Wyk Louw	“Seemeeu” “Beeld van ’n jeug: Duif en perd”, “Klipwerk” “Drie Diere: IV Arend”	<i>Alleenspraak</i> <i>Nuwe verse</i> <i>Gestaltes en diere</i>	1935 1954 1958
Uys Krige	“Swaels bo die kamp” “Die Seemeeu”	<i>Hart sonder Hawe</i> <i>Gedigte 1927-1940</i>	1949 1961
Elizabeth Eybers	“Die dood van die arend” “Piet-my-vrou” “Merel”	<i>Neerslag</i> <i>Die helder halfjaar</i> <i>Verbruikersverse</i>	1958 1966 1997
W.E.G. Louw	“Voël” “Voël vlug”, “Vaalkalk”	<i>Die ryke dwaas</i> <i>Bybels en babels</i>	1934 1956
D.J. Opperman	“Heilige beeste”, “Vakansiebrief” “Ná ’n besoek aan die dieretuin” “Edms. Bpk.” “Strelitzia en jangroentjie”	<i>Heilige beeste</i> <i>Negester oor Ninevé</i> <i>Edms. Bpk.</i> <i>Komas uit ’n bamboesstok</i>	1945 1947 1970 1979
Ernst van Heerden	“Papegaai” “Jagvalk”, “Voël in kou”, “Janfiskaal”	<i>Verklaarde nag</i> <i>Tyd van verhuising</i>	1965 1975
S.J. Pretorius	“Valk in die dieretuin (Johannesburg)”, “Bleshoender-jag” “Die aasvoël”, “Die papegaai”	<i>Die arbeider en ander gedigte</i> <i>Die mummie en ander gedigte</i>	1945 1963
G.A. Watermeyer	“Ballade van die bloeddorstige jagter”	<i>Sekel en simbaal</i>	1957
Boerneef	“horie petryse ennie fisane”, “Die kwikkie stap en pik kordaat” “’n sysiepaar pik rustig rond”, “Ja seker ek gesels graag meddie voëls”	<i>Palissandryne</i> <i>Sesde hoepel</i>	1964 1976
Barend J. Toerien	“Eendvoël-jag” “Seemeeu”	<i>Gedigte</i> <i>39 gedigte</i>	1960 1963
M.M. Walters	“Janfiskaal”	<i>Cabala</i>	1967
George Louw	“Windswael”	<i>Koggelstok</i>	1963
Breyten Breytenbach	“3.6 (oorganklik)”, “4.11 (soos van vlerke)”	<i>Lotus</i>	1970
Ina Rousseau	“Die maraboe” “’n Stil oggend”, “Die diderik”	<i>Kwiksilwersirkel</i> <i>Grotwater</i>	1978 1989
Sheila Cussons	“Tuin” (ook bekend as “Henri Rousseau”)	<i>Plektrum</i>	1970
T.T. Cloete	“voëls met nuwe teks”	<i>Idiolek</i>	1986

Voëls figureer ook in die werk van Afrikaanse digters van die vroeë 21^{ste} eeu, byvoorbeeld Johann de Lange (“Maraboe” uit *Die algebra van nood* (2009)), Johann Lodewyk Marais (“Flaminke”, “Bloukuifloerie” en “Maraboe” (asook ander gedigte uit sy bundel *Aves* (2002))), Martjie Bosman (“Bosveldvisvanger” uit *Toevallige tekens* (2010)), Trienke Laurie (“Bontkiewiet”, “Malmok”, “Olyfhoutkapper” en “Duikers” uit *Sonskyf* (2009)) en Tom Gouws (“Mahem”, Rooipootelsie” en “Swartpiek” uit *Stigmata* (2012)).

Benewens die enkele gedigte vermeld in Tabel 1-1, figureer voëls op ’n deurlopende basis in al nege D.J. Opperman se bundels – dikwels op besondere wyse.¹ Direkte en indirekte voëlverwysings is veral opvallend in sy eerste vyf bundels (*Heilige beeste* (1945), *Negester oor Ninevé* (1947), *Joernaal van Jorik* (1949), *Engel uit die klip* (1950) en *Blom en baaierd* (1956)) en in sy laaste bundel (*Komas uit ’n bamboesstok* (1979)). Voëls is ook baie prominent in die bundel-in-wording waaraan hy gewerk het voor sy ernstige beroerte in Junie 1981, *Sonklong oor Afrika*, wat J.C. Kannemeyer in 2000 publiseer. Bo en behalwe direkte en indirekte verwysing na voëls, is daar sewe gedigte-in-wording waarin voëls sentraal staan.²

In Bylaag A word die voëlspesies en in Bylaag B die voëlsoorte, asook die gedigte waarin hulle aangetref word, in besonderhede vermeld. Bo en behalwe direkte verwysings na voëlspesies en –soorte, word daar ook ’n groot aantal verwysings na “voël” of “voëls”, of aspekte van voëls, soos “vlerke”, “eiers”, “nes” en “kuikens” in Opperman se gedigte aangetref. Bylaag C verskaf ’n lys van al die gedigte wat sodanige verwysings bevat. In Tabel 1-2 word aangedui in hoeveel van Opperman se gedigte voëls, of aspekte van voëls, op direkte of indirekte wyse ter sprake kom.

Tabel 1-2: Omvang van voëlverwante verwysings in Opperman se gedigte

Bundel	Totale aantal gedigte ³	Gedigte met direkte/indirekte voëlverwysings		Gedigte met spesifieke spesieverwysings		Gedigte met verwysings na soort (<i>genus</i>)		Gedigte met verwysings wat na voëls herleibaar is	
		Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
<i>Heilige beeste</i>	72	20	27.8	10	13.9	8	11.1	10	13.9
<i>Negester oor Ninevé</i>	38	14	36.8	5	13.2	6	15.8	7	18.4
<i>Joernaal van Jorik</i>	5	5	100.0	2	40.0	5	100.0	3	60.0
<i>Engel uit die klip</i>	40	17	42.5	4	10.0	8	20.0	7	17.5
<i>Blom en baaierd</i>	44	15	34.1	5	11.4	7	15.9	5	11.4
<i>Dolosse</i>	30	15	50.0	7	23.3	10	33.3	3	10.0
<i>Kuns-mis</i>	57	4	7.0	2	3.5	1	1.8	1	1.8
<i>Edms. Bpk.</i>	18	7	38.9	1	5.6	5	27.8	5	27.8
<i>Komas uit ’n bamboesstok</i>	85	25	29.4	13	15.3	12	14.1	8	9.4
Subtotaal	389	123	31.6	49	12.6	62	15.9	50	12.9
<i>Sonklong oor Afrika</i>	34	15	44.1	9	26.5	7	20.6	4	11.8
Totaal	423	138	32.6	58	13.7	69	16.3	54	12.8

Alhoewel hierdie studie nie primêr handel oor die aantal en/of persentasie Opperman-gedigte waarin voëls ter sprake kom nie, maar eerder die funksionaliteit van die wyse waarop Opperman voëls aanwend in sy gedigte, is dit tog opvallend uit Tabel 1-2 in hoeveel van sy

¹ Voëls figureer ook in Opperman se drie versdramas, *Periandros van Korinthe* (1954), *Vergelegen* (1956) en *Voëlvry* (1968). In *Voëlvry* is veral die hadida (*Bostrychia hagedash*) belangrik (Nolte, 1976:248).

² Kyk “Mahem!”, “Die goue snip van Afrika”, “Arende broei adellik”, “Scribas te velde”, “Die tarentale wei”, “Ons hamerkoppies maak bekend” en “Posduiwe”.

³ Ten einde die aantal gedigte te bepaal, is die indeling van Grové in *D.J. Opperman – Versamelde Poësie* (1987) gevolg.

gedigte voëls vermeld word. Hierdie studie handel in die besonder oor die beskrywings van of verwysings na spesifieke voëlspesies of voëlsoorte in Opperman se oeuvre, asook – waar toepaslik – indirekte verwysings na voëls, ten einde te bepaal tot welke mate hierdie verwysings of beskrywings bydra tot die tema van die gedig. In dié opsig word onder meer gelet op hoe die naam (of name), verspreidingsgebied, gebiedsgebondenheid, gedrag, sang, kleure van voëls, asook bygeloof of mites oor voëls bydra tot die bepaalde tema van ’n gedig.

1.2 Teoretiese begroning, literatuuroorsig en eie bydrae

Cloete (1966) se *Faune: ’n Bloemlesing oor die dier in die Afrikaanse poësie* is een van die enkele bydraes waarin daar gefokus word op gedigte waarin diere, wat volgens Cloete se definisie voëls, visse, reptiele en insekte insluit, sentraal staan. Meer as negentig gedigte van een-en-twintig Afrikaanse digters, waaronder ses gedigte van Opperman, is in hierdie bloemlesing opgeneem. Benewens die bondige inleidende verantwoording, bevat dit egter slegs enkele opmerking oor die digters en gedigte en oor die betekenis en funksie van die wyse waarop diere beskryf of as simbole of metafore ingespan word.

Aspekte van Opperman se werk is reeds deur verskeie navorsers op nagraadse vlak bestudeer, onder meer in die proefskrifte van De Wet (1994), Klopper (1989), Nolte (1976); Spies (1973), Spies (1981), Van der Walt (1959) en Van Vuuren (1985). ’n Groot aantal meestersgraadverhandelinge, van onder meer Anker (1979), Bosch (1954), De Jong (1970), Deudney (1971), Gilfillan (1960), Lindes (1952), Nel (1989), Pretorius (1972), Samuels (1982), Spies (1963), Steenberg (1968), Van Niekerk (1985) en Venter (1982), het ook oor die jare die lig gesien. Daarbenewens is verskeie huldigingsbundels, waaronder *Woord en Wederwoord* (1974), *D.J. Opperman – Dolosgooier van die Woord* (Grové, 1974),⁴ en *Kroniek van Klip en Ster* (Kannemeyer, 1979),⁵ verskeie biografieë (Grové, 1982; Kannemeyer, 1986; Kannemeyer, 1990; Kannemeyer, 1994; Terblanche, 2011; Van Vuuren, 1999) asook ’n groot aantal artikels en opstelle in ’n verskeidenheid tydskrifte (Kannemeyer, 1986:382), oor sy werk gepubliseer.⁶

Alhoewel navorsing gedoen is oor verskeie aspekte van Opperman se oeuvre, waaronder studies oor sy hantering van die verhalings van die Suid-Afrikaanse geskiedenis (Anker, 1979),

⁴ Beide *Woord en Wederwoord* en *D.J. Opperman – Dolosgooier van die Woord* verskyn ter viering van Opperman se 60^{ste} verjaarsdag in 1974.

⁵ Hierdie bundel verskyn ter viering van Opperman se 65^{ste} verjaarsdag in 1979.

⁶ Verskeie van hierdie artikels is herdruk in *D.J. Opperman – Dolosgooier van die Woord* (1974) terwyl Kannemeyer na verskeie artikels verwys in *Kroniek van Klip en Ster* (1979). Pienaar (1974) se bydrae tot eersgenoemde bundel, is ook van ’n biografiese aard.

die gebed (Venter, 1982) en die oog (Nel, 1989) vermelding verdien, is 'n omvattende studie oor die betekenis en funksie van voëlverwysings in sy oeuvre nog nie voorheen gedoen nie. Daar is tot op hede ook nog min navorsing gedoen oor *Sonklong oor Afrika*, Opperman se bundel-in-wording waarin voëls in verskeie van die verse-in-wording sentraal staan.

Gegewe die beperkte omvang en eng fokus van hierdie studie, sal slegs die mees relevante bronne waarna pas verwys is, in meer besonderhede ondersoek word. Benewens hierdie letterkundige bronne, sal verskeie bronne wat oor voëls, en waar toepaslik oor soogdiere, reptiele en plante handel, gebruik word om onder meer beeldkongruensie en bio-regionaliteit van voëlverwysings te beoordeel. Alhoewel ekopoësie en ekokritiek groeiende velde binne die literêre diskoers oor die algemeen (Bryson, 2002; Buell, 2005; Smith, 2012a) en ook in die Afrikaanse literatuurstudie in besonder (Smith, 2012a; 2012b) is, is hierdie studie nie 'n oorskouing of studie van Opperman se oeuvre as óf ekopoësie óf ekokritiek nie.

Gegewe die belangrikheid van Opperman in die Afrikaanse digkuns (Grové, 1965:33; 1982:491 en 500; Kannemeyer, 1979:98-100) en gegewe dat hierdie studie ten doel het om 'n faset van sy oeuvre aan te spreek wat nog slegs terloopse aandag geniet het (Nolte, 1976:232-242), maak dit 'n unieke bydrae tot die navorsing oor Opperman.

1.3 Navorsingsvrae

Hierdie studie het ten doel om antwoorde op die volgende navorsingsvrae te verskaf:

- a. Tot welke mate figureer voëls in die gedigte van D.J. Opperman?
- b. Welke voëls word aangetref in die gedigte van Opperman en waarom?
- c. Tot welke mate dra beskrywings van of verwysings na voëls by tot die temas in spesifieke gedigte?
- d. Tot welke mate dra beskrywings van of verwysings na voëls by tot die tematologie van Opperman se oeuvre?

Soos Cloete (1966) dit in sy inleidende verantwoording opsom, is die oorkoepelende vrae: Wat word van die dier (hier meer spesifiek “voël”) as tema “deur die wonder van die gedig”, of hoe word 'n voël of voëls aangewend om die tema van 'n gedig toe lig of versterk.

1.4 Omskrywings van belangrike terme

Die volgende terme wat in hierdie studie gebruik word, word vervolgens kortliks in alfabetiese volgorde omskryf:

1.4.1 *Antropomorfisme*

Labuschagne en Eksteen (2010:60) omskryf 'n antropomorfisme soos volg: “**1** Toeskrywing van menslike hoedanighede aan nie-menslike wesens, vermensliking. **2** Voorstelling van God as mens, met menslike eienskappe. **3** Leer wat die mens tot maatstaf van alles maak.” (Kyk ook WAT I, 1970:227; Burger, 2012.)

1.4.2 *Bio-regionaliteit*

'n “Bioregion” word in die elektroniese *Free Dictionary* (<http://www.freedictionary.com>) beskryf as an “area constituting a natural ecological community with characteristic flora, fauna, and environmental conditions and bounded by natural rather than artificial borders”. In die elektroniese *Oxford Dictionary* (<http://oxforddictionaries.com>) is 'n soortgelyke definisie wat dit omskryf as “a region defined by characteristics of the natural environment rather than by man-made divisions”. “Bio-regionaliteit” in die digkuns beteken derhalwe dat 'n digter baie bewustelik die natuur binne 'n “bio-omgewing” respekteer, verken en ontgin.

1.4.3 *Ekokritiek*

Volgens Abrams en Harphem (2009:87) “ecocriticism designates the critical writings which explore the relation between literature and the biological and physical environment, conducted with acute awareness of the devastation being wrought on the environment by human activities”. Smith (2012a:506) definieer ekokritiek soos volg: “Ekokritiek kan breedweg gesien word as die studie van kultuurprodukte en kunswerk, skryfwerk en wetenskaplike teorieë wat hulle bemoei met die menslike verhouding met die natuurlike wêreld.”

1.4.4 *Ekopoësie*

Met verwysing na en in aansluiting by die menings van verskeie ander skrywers, omskryf Bryson (2002:5) ekopoësie soos volg: “Ecopoetry is a subset of nature poetry that, while adhering to certain conventions of romanticism, also advances beyond that tradition and takes on distinctly contemporary problems and issues ...” Ekopoësie het drie eienskappe (Bryson, 2002:5-7), naamlik ekosentrisme; 'n nederige waardering vir die wildernis; en 'n skeptisisme teenoor oordrewe rasionaliteit en 'n gevolglike oordrewe steun op tegnologie. Smith

(2012a:512) stel dit soos volg: “Ekopoësie is poësie wat nie uitsluitlik oor die natuur handel nie, maar op soek is na ’n wyse om deur middel van taal die samehang van die mensdom en die natuur te waardeer en verstaan en as aksie uit te druk.” As sodanig is dit meer as poësie en eerder ’n beweging wat ontwikkel het uit die spanning “waar mens en natuur ’n kruispunt bereik en poog om die sistematiese samehang en ordening van die geheel uit te druk” (Smith, 2012a:512). As sodanig is dit nie noodwendig natuurpoësie nie.

1.4.5 Metafoor

Labuschagne en Eksteen (2010:710) omskryf ’n metafoor as die toepassing “van ’n naam/beskrywing/omskrywing op ’n voorwerp/saak/persoon of handeling waarop dit volgens die verbeelding van toepassing is, maar nie letterlik nie” oftewel “’n beknopte vergelyking”. Abrams en Harphem (2009:119) stel dit soos volg: “In a metaphor, a word or expression that in literal usage denotes one kind of thing is applied to a distinctly different kind of thing, without asserting the comparison.”

1.4.6 Natuurgedig

Volgens Labuschagne en Eksteen (2010:765) is dit ’n gedig “waarin die natuur besing word”. Nienaber en Lategan (1952) verskaf ’n oorsig oor die Afrikaanse natuurgedig. In die eng sin en soos tipies beoefen in die vroeë 20^{ste} eeu, konstateer dit natuurbeleving en natuurbeelding (Nienaber en Lategan, 1952:3) met die natuur as ontroeringsfaktor. Mettertyd ontwikkel ’n meer simboliese natuursiening (met eksponente soos C.M. van den Heever en W.E.G. Louw) en nog later, veral in die Afrikaanse poësie ná die Dertigs, dien die natuur grotendeels as ontginningsbron vir beeldspraak – met Uys Krige en D.J. Opperman as voorbeelde. Om op te som: In ’n breë sin sluit “natuurgedigte” alle gedigte in waar die natuur as bron ontgin word, alhoewel van hierdie gedigte as temas eerder menslike emosies en handeling aanroer, terwyl dit in die eng sin net na daardie gedigte verwys waar dit slegs om die natuur self gaan.

1.4.7 Simbool

Labuschagne en Eksteen (2010:1082) omskryf ’n simbool as iets “wat iets anders deur assosiasie/ooreenkoms/konvensie voorstel, veral ’n konkrete/werklike voorwerp wat iets onsigbaars/geestelik voorstel”. Scott (1967:283) definieer ’n simbool as “a recognizable equivalent or type of some person, object or abstract idea by means of features associated in the popular mind with that person, object or abstract idea”.

1.5 Struktuur

In Hoofstuk 1 word die gekose onderwerp gekontekstualiseer en begrond, begrippe gedefinieer en die relevante navorsingsvrae geïdentifiseer.

In Hoofstuk 2 word kortliks stilgestaan by die vraag of Opperman ’n natuurdigter is, veral aangesien sy onmiddellike leefwêreld so opsigtelik in sy digkuns waarneembaar is. Daarna word die enkele grondtemas waarheen hy telkens in al sy bundels terugkeer, geïdentifiseer en kortliks toegelig. Die belangrike rol wat voëls in hierdie verband speel, word ook reeds uitgewys.

Hoofstuk 3 verskaf eerstens ’n oorsig van die omvang van verwysings na spesifieke voëlspesies en voëlsoorte in Opperman se oeuvre. Verskeie voëlspesies en voëlsoorte, en hoe hulle in Opperman se gedigte aangewend is, word daarna kortliks bespreek. Enkele opmerkings word gemaak oor ander “voëlverwante” verwysings, waarna daar kortliks gewys word hoe hy voëls op beeldende wyse – en veral as simbole of metafore – gebruik, in veral sy vroeë en laaste werk.

In Hoofstuk 4 word ’n aantal Opperman-gedigte en verse-in-wording in besonderhede in oënskou geneem om te bepaal hoe akkuraat en effektief hy die beskrywings van, of verwysings na, voëls inspan as beelde, simbole, of metafore om die tema van hierdie gedigte of verse-in-wording toe te lig. Die klem word veral geplaas op sy laaste bundel, *Komas uit ’n bamboesstok* (1979), asook sy onvoltooide bundel, *Sonklong oor Afrika*, waarin Opperman op besondere wyse teruggryp na die natuur om sy deurlopende grondtemas toe te lig en waar veral voëls ’n sentrale rol vervul.

In Hoofstuk 5 word enkele slotopmerkings gemaak en word die navorsingvrae soos in Hoofstuk 1 geformuleer, beantwoord. Ten slotte word tot enkele gevolgtrekkings geraak in die lig van die bevindinge in die voorafgaande hoofstukke.

Hoofstuk 2

Oorsig van die grondtemas in Opperman se oeuvre

2.1 Inleiding

Spies (1992:14) meld tereg “Opperman se voorkeur vir die beeldende gedig – dit wil sê vir die gedig wat sy effekte op metaforiese en aldus suggestiewe wyse bewerkstellig”. Volgens haar is die soort gedig wat Opperman skryf “’n gedig wat ’n mens kan karakteriseer as ’n hoogs gekonsentreerde, komplekse geheel” en ondanks sy “transendentale gerigtheid skryf Opperman nogtans altyd konkreet; deur die oog” (Spies, 1992:15). As besonder visuele digter (Nel, 1989:151 en 154) met ’n besondere fyn waarnemingsvermoë (Dekker, 1974a:6; Malherbe, 1974:10), val dit nie vreemd op dat die natuur geredelik en voortdurend boustof vir sy gedigte bied nie. Tog is Opperman se gedigte nie tradisionele “natuurgedigte”⁷ (“nature poetry”) in die eng sin nie (kyk 1.4), aangesien sy gedigte nie neerkom op ’n liriese uitbeelding of beleving van die natuur nie. Opperman is inderdaad die eerste Afrikaanse digter om te breek met die “mooi woord” (Grové, 1982:491; Kannemeyer, 1990:203). Dit beteken egter nie dat hy – binne die konteks van die Afrikaanse digkuns – ’n voorloper of eksponent van “ekopoësie” of “ekokritiek” (Bryson, 2002; Smith, 2012) is nie. Soos uit hierdie navorsing blyk, gebruik Opperman aspekte van die natuur, en by uitstek voëls, as metafore en simbole, of bloot beskrywend ter ondersteuning van die gedig se hooftema.

Kortom: Opperman gebruik die natuur as bron vir die beelde wat hy skep en temas wat hy hanteer (Nienaber en Lategan, 1952:37). Anders as by die eng, tradisionele natuurdigter, waar die natuur heers in die gedig, is dit by Opperman die “kreatiewe wil van die kunstenaar” wat voorop staan (Grové, 1965:4). Die leser word telkens gelei om metafories en simbolies te lees (Spies, 1992:30). Sy digkuns getuig deurgaans van “groot intellektuele krag en belesenheid” (Van Heerden, 1974a:46; kyk ook Beukes en Lategan, 1973:122; Grové, 1974b:vii; Grové, 1982:493).

Hierdie hoofstuk verskaf ’n bondige kontekstualisering vir die gereelde verwysings na voëls in Opperman se gedigte teen die agtergrond van sy leefwêreld en grondtemas wat hy self omskryf in “Heilige beeste” (*Heilige beeste*) en telkens na terugkeer as herhalende temas in sy gedigte.

⁷ Oor die Afrikaanse natuurpoësie van die vroeë 20^{ste} eeu, kyk Nienaber en Lategan (1952:2-39). Ten aansien van “nature poetry”, kyk Bryson (2002:1).

2.2 Opperman se leefwêreld

In hierdie verband word daar veral op twee tydperke gelet, naamlik sy kinderjare en vroeë volwasse jare in Zoeloeland en Natal (1914-1945)⁸ en sy verblyf in die Weskaap (1946-1985) tot en met sy dood (Grové, 1982; Kannemeyer, 1986; Kannemeyer, 1994; Terblanche, 2011, Van Vuuren, 1999). Gegewe Opperman se sterk visuele ingesteldheid vind die voëls van sy leefwêreld mildelik neerslag in sy gedigte, soos byvoorbeeld duidelik blyk uit die epiese gedig “Shaka” (*Heilige beeste*), “Ná ’n besoek aan die dieretuin” (*Negester oor Ninevé*), “Ringdans van die hamerkoppe” (*Blom en baaierd*), “Edms. Bpk.” (*Edms. Bpk.*), “Strelitzia en jangroentjie”, “I Herfs” en “III Lente” uit “Grondstowwe by die siklus van seisoene” (*Komas uit ’n bamboesstok*) en “Die tarentale wei” (*Sonklong oor Afrika*).

Alhoewel buitelandse reise baie beperk was (Kannemeyer, 1986:272-283; 1994:45), vind sy uitgebreide reis na Europa (Desember 1956 tot Julie 1957) tog direk en indirek neerslag in van sy gedigte – veral in die bundel *Dolosse*⁹ en, in geringe mate, in *Kuns-mis*.¹⁰ In sommige van hierdie verse is daar verwysings na voëls.¹¹ Kannemeyer (1986:283) wys tereg daarop dat meeste van sy gedigte oor Europa waarskynlik geskryf sou kon wees sonder “registreerbare kennis”. In April-Mei 1981, kort voor sy ernstige beroerte in Junie 1981, onderneem Opperman saam met sy vriend Hannes van der Merwe ’n reis na Malawi (Kannemeyer, 1986:438-440). Hierdie reis het hom begeester (Kannemeyer, 1986:440; Kannemeyer, 2000:13) en hy het heelwat boustof bekom vir verskeie van sy verse-in-wording.¹² Dit word onteenseglik bevestig deur die aard en omvang van voël-verwante verwysings in die *Sonklong oor Afrika*-dokumentasie wat bewaar word in die Universiteit van Stellenbosch se J.C. Gericke-biblioteek. Kriptiese notas wat tydens hierdie reis neergepen is, bevat onder meer verwysings na ’n verskeidenheid voëlspesies wat in Malawi aangetref word.¹³

⁸ Opperman het as jong seun ook vir ’n wyle (1918-1921) in Memel, in die Oos-Vrystaat gewoon (Kannemeyer, 1986:28; 1994:8). Opperman het ook vir ’n tydperk van 6 maande (Julie-Desember 1945) in Johannesburg gewoon (Kannemeyer, 1986:105-112).

⁹ Kyk onder meer “Ou matroos, Napels”, “By die dood van Roy Campbell”, “Carrara”, “Fonteine van Tivoli”, “Dennebol”, asook die “Spermutasie”-siklus.” Vgl ook Kannemeyer (1979:67 en 1986:283).

¹⁰ Kyk “Geestelike ete” en “Konsertina-poskaart”. Vgl ook Kannemeyer (1986:283).

¹¹ Kyk onder andere die uil (in die “Spermutasie”-siklus (Grové, 1974d:162-163; Bekker, 1974:171-173; Snyman, 1987:180-181) in *Dolosse*), die hoender (in “Vloervelletjie”, “Ou matroos, Napels” en “Dennebol” (*Dolosse*) en “Oom Frikkie Voorsitter” uit “Patriargallery” (*Kuns-mis*)), asook die meeu (in “Mammae” en “Robbeslaners” (*Dolosse*) en “C.M. van den Heever” uit “Met apologie” en ook “Konsertina-poskaart” (*Kuns-mis*)).

¹² Kyk onder meer “Die goue snip van Afrika” en “Mahem!”.

¹³ In hierdie verband verdien die akkedisvalk (*Kaupifalco monogrammicus*), breëkoparend (*Polemaetus bellicosus*), kolgans (*Alopochen aegyptiaca*), koningriethaan (*Porphyrio madagascariensis*), lelietrappier – oftewel langtoon (*Actophilornis africanus*), saalbekooievaar (*Ephippiorhynchus senegalensis*) en witpelikaan (*Pelicanus onocrotalus*) vermelding.

Opperman was belese en met 'n besondere intellek en wye belangstellingsveld (Pienaar, 1974:194) vind intellektuele verbeeldingsreise na onder meer Egipte,¹⁴ Wes-Afrika,¹⁵ en die Ooste (as 'n Marco Polo-figuur in *Komas uit 'n bamboesstok*), neerslag in sy digkuns.

2.3 Primêre temas in Opperman se oeuvre

In die eerste gedig in sy debuutbundel, *Heilige beeste* (1945), wat ook die titel “Heilige beeste” dra, stel Opperman die drie primêre temas waarom dit vir hom in sy eie digkuns gaan, soos volg (in strofe 4):

“hulle my drie drifte:
die aardse, die vrou en die Groot-Groot-Gees ...”

Inderdaad bly hierdie die terugkerende temas, oftewel “sleutels” (Spies, 1981:40), in Opperman se hele oeuvre (Grové, 1982:493-505; Spies, 1992:260) wat oor bykans vier dekades strek. Vervolgens word hierdie drie temas van Opperman se digkuns kortliks in oënskou geneem. Daarna word ook gelet op Opperman as “reisiger” en op sy verbondenheid tot Afrika.

2.3.1 Die aardse

Die “aardse”, soos dit sigself vertoon in verstedeliking, meganisering, die bedreiging van die landelike, en die vervlakking en verval van die menslike, is sekerlik die mees prominente en herhalende tema oftewel “grondmotief” in Opperman se oeuvre (Steenberg, 1971:12; Kannemeyer, 1990:204). Hierdie tema word verder verwerk in die stryd tussen hemel en aarde (*Negester oor Ninevé* en *Engel uit die klip*), die stryd tussen die goeie en die bose, tussen orde en chaos (*Blom en baaierd*), asook deur die verval en degenerasie (*Dolosse*) en die beperktheid van menslike besit (*Edms. Bpk.*) (Grové, 1982:493-505).

Gedigte waarin die aardse pertinent aan die orde gestel word, sluit in: “Boer”, “Kind van die aarde”, “Shaka” (*Heilige beeste*), “Ná 'n besoek aan die dieretuin” en “Moederstad” (*Negester oor Ninevé*), die kwatrynreeks “Diereriem” en “Aluin” (*Engel uit die klip*), “Ringdans van die hamerkoppe” (*Blom en baaierd*), die “Spermutasie”-siklus (*Dolosse*),¹⁶

¹⁴ Kyk gedigte soos “Scriba van Egipte” (*Engel uit die klip*), “Egipties” en “Geneeshere van Egipte” (*Komas uit 'n bamboesstok*), asook verse-in-wording “Brief van 'n mededigter”, “Scribas te velde” en “Ikhnaton” (*Sonklong oor Afrika*).

¹⁵ Kyk die verse-in-wording “Geboorte van die verminktes” (Nigerië) en “'n Swart dogter van Freetown in Sierra Leone” (*Sonklong oor Afrika*).

¹⁶ Ten aansien van *Dolosse* meld Lindenberg (1974:168-169) dat die frekwensie van dierebeelde merkwaardig is. Veral in die “Spermutasie”-siklus is die verdierliking van die mens voorop.

Safari”, “Slapamperras”, “Dylan Thomas II” (*Kuns-mis*), “Edms. Bpk.” (*Edms. Bpk.*), “Aardkloot”, “My stokperdjie kry vlerke”, “Glaukus klim uit die water”, “Son”, “Trekswaeltjies” (*Komas uit ’n bamboesstok*), “Tuinslang”, “Bospatat” en “Arende broei adellik” (*Sonklong oor Afrika*).

Voëls dra by tot die verbeelding en versterking van hierdie tema. In dié opsig verdien die volgende gedigte spesifieke vermelding: “Shaka”, “Ná ’n besoek aan die dieretuin”, “Edms. Bpk.”, “Son”, “Trekswaeltjies” en die vers-in-wording “Arende broei adellik”.

2.3.2 Die vrou

Vroue, vernaam die belangrike vroue in Opperman se lewe (soos sy moeder en sy vrou Marié), asook die verhouding tussen man en vrou en daarby ingesluit die erotiek, figureer prominent in Opperman se digkuns. Die volgende gedigte kan in hierdie verband vermeld word: “Reën in die Bosveld”, “Seesoom”, “Naaldekokker”, “Slapende vrou”, “Verlange”, “Eilandgroep” (*Heilige beeste*), “Nagstorm oor die see”, “Mont-aux-Sources” (*Negester oor Ninevé*), “Draaikewers”, “Sproeireën” en “Mohammed aan Ajesja” (*Engel uit die klip*), “Kroniek van Kristien” en “Naskrif” (*Blom en baaierd*), “Ou kroonkandelaar” (*Dolosse*), “Minerva aan Tiresias” en “Tieners en sedertdieners” (*Kuns-mis*), “Mev H.M.S. Opperman” (*Edms. Bpk.*), “My appelliefie van Inchanga”, “Drie juwele”, “Jangroentjie en Strelitzia” en “Tweede huwelik” (*Komas uit ’n bamboesstok*) en die verse-in-wording “Vrousluimer”, “Mahem!” en “Die goue snip van Afrika” (*Sonklong oor Afrika*).

Voëls dra weer eens by tot die verbeelding en versterking van hierdie tema. In dié opsig verdien die volgende gedigte spesifieke vermelding: “Reën in die Bosveld”, “Nagstorm oor die see”, “Jangroentjie en Strelitzia”, “Die goue snip van Afrika” en “Mahem!”.

2.3.3 Die Groot-Groot Gees

Die opperwese, maar daarmee saam ook spiritisme, die okkulte (Snyman, 1993:532) en die mitologie is ook ’n herhalende tema deur sy hele oeuvre. Die Christelike godheid (Van Vuuren, 1999:449-450) kom direk of indirek ter sprake in gedigte soos “Maagd” uit “Diereriem” (*Engel uit die klip*), “Kersliedjie” (*Blom en baaierd*), en is sentraal in *Negester oor Ninevé*.

In onder meer die volgende gedigte word hierdie tema (in die breë) hanteer: “Kontrak”, “Gebed”, “Nagskip langs Afrika” (*Heilige beeste*), “Legendes van die drie versoekinge”,

“Jona” (*Negester oor Ninevé*), “Meriba”, “Brandende boek” uit “Brandaan”, “Gebed om die gebeente” (*Engel uit die klip*), “Kersliedjie”, “Blom van die baaierd”, “Kroniek van Kristien” (*Blom en baaierd*), “Vuurbees”, “Wederkoms” (*Dolosse*), “Onse Vader”, “Uit: Die dagboek van ’n seun” (*Komas uit ’n bamboesstok*), “Scribas te velde”, “Geboorte van die verminktes” en “Prys jou Skepper” (*Sonklong oor Afrika*).

Voëls word ook tot versterking van hierdie tema ingespan, maar merendeels op indirekte, subtiele wyse. In dié opsig verdien die volgende gedigte spesifieke vermelding: “Legende van die drie versoekinge” en “Kersliedjie”, asook die vers-in-wording “Scribas te velde”.

In die konteks van die “Groot-groot Gees” is die Zoeloe-mitologie (Nortjé, 2011: 63-64), waarmee Opperman uiteraard vertrouwd was aangesien hy in Zoeloeland groot geword het, ook van belang. Reeds in “Heilige beeste” (eerste en titelgedig van *Heilige beeste*) word die “Groot-Groot-Gees”, word daar na Unkulunkulu (“die groot een; die eerste een; die skeppergod van die Zoeloes”) verwys en in “Ringdans van die hamerkoppe” word “voorvaderlike geeste” (strofe 5) by name vermeld. Unkulunkulu word ook in ander gedigte by name vermeld, naamlik “Unkulunkulu” uit “Shaka” (*Heilige beeste*), asook as verafrikaansde “Oenkoelonkoe” in die gedig-in-wording “Arende broei adellik” (*Sonklong oor Afrika*).

2.3.4 Die digter as reisiger

Reis is ’n belangrike aspek van Opperman se oeuvre (Grové, 1982:504; Spies, 1992:22; Snyman, 1993:534). Die reistema kom deurgaans in sy digkuns voor, maar veral in sy mirakelagtige reis vanuit die kake van die dood wat die hooftema is van sy laaste voltooide bundel, *Komas uit ’n bamboesstok* (Spies, 1981:334). Die reistema kom ook duidelik na vore in *Joernaal van Jorik*, *Blom en baaierd* (vergelyk “Clat boek”), *Dolosse* (vergelyk “Ou matroos, Napels”) en in die onvoltooide bundel *Sonklong oor Afrika* (vergelyk “Die jeeps vertrek”).

Met betrekking tot sy reis as digter, vergelyk, vooruitskouend (“Heilige beeste” (*Heilige beeste*) en terugskouend (“Son”, “Trekswaeltjies” en “Totsiens!” (*Komas uit ’n bamboesstok*)). Sy reis as huweliksgenoot kom ter sprake in “Tweede huwelik” (*Komas uit ’n bamboesstok*) en sy reis as mens in “Nagedagtenis aan my vader” (*Heilige beeste*), “Ou Taai Koen” (*Komas uit ’n bamboesstok*) en “Posdwiwe” (*Sonklong oor Afrika*). Verskeie

voëlsoorte word deur Opperman gebruik om die reistema te versterk, waaronder swaeltjies (Spies, 1981:359) en duiwe.

2.3.5 Afrika

Deels as 'n subtema tot Opperman se aardsgebondenheid, en deels as groeiende tema in eie reg, is sy innige gebondenheid aan en verbondenheid met die Afrika-kontinent (Van Vuuren, 1999:450-451). Die geskiedenis van Suid-Afrika en die rol van die digter in die verhalings van die geskiedenis (Anker, 1979) staan sentraal in *Joernaal van Jorik* en kom ook ter sprake in onder meer “Bloedrivier, 1938” (*Heilige beeste*) en “Gebed om die gebeente” (*Engel uit die klip*). 'n Meer bepaalde volksgerigtheid (Beukes en Lategan, 1973:131) asook die rassevraagstuk en menseverhoudinge (Van Vuuren, 1999:453, 464-466) kom ook pertinent na vore in “Staking op die suikerplantasie”, “Draaiboek”, “Ringdans van die hamerkoppe” (*Blom en baaierd*), “Hotnot: God”, “Springbokke” (*Dolosse*), “Teodoliet” (*Edms. Bpk.*) en “Stad Afriek”, “Azanië” en “Die tarentale wei” (*Sonklong oor Afrika*). Bo en behalwe Suid-Afrika, wat op verskeie vlakke in sy digkuns ter sprake kom, is dit – soos vermeld (in 2.2) – veral Egipte en Wes-Afrika wat in sy gedigte en verse-in-wording figureer.

2.4 Die funksie van voëls in Opperman se tematiek

Opperman se leefwêreld en veral sy onmiddellike natuur- en stadsomgewing (sy bio-regionale bewustheid) speel 'n belangrike rol in sy skeppingsaktiwiteit as digter en as voedingsbron vir gedigte oor die grondtemas wat hy deur sy hele oeuvre aanspreek.

In die volgende twee hoofstukke val die fokus respektiewelik op die groot verskeidenheid voëlspesies en -soorte wat aangetref word in Opperman se gedigte, eerstens in die algemeen en teen die agtergrond van sy leefwêreld (Hoofstuk 3) en tweedens in enkele spesifieke gedigte en gedigte-in-wording waarin voëls 'n belangrike rol vervul om die tema of die hooftema daar te stel of toe te lig (Hoofstuk 4).

Hoofstuk 3

Voëls in die gedigte van Opperman

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar in meer besonderhede gelet op Opperman se verwysings na spesifieke voëlspesies (byvoorbeeld hadida, hamerkop en piet-my-vrou) en voëlsoorte (byvoorbeeld kanaries, kraaie, meeu en swaeltjies) teen die agtergrond van Opperman se leefwêreld, bio-regionaliteit, voëls se gewoontes, voorkoms, roepe, bygelowe, en dies meer. Daar word ook kortliks gelet op enkele direkte en indirekte verwysings na voëls waarna stilgestaan word by Opperman se gebruik van voëls in enkele stylfigure (naamlik die simbool, metafoor en antropomorfisme).

Soos reeds vermeld, is dit opvallend dat 'n groot verskeidenheid voëlspesies en –soorte wat veral in *Heilige beeste*, *Komas uit 'n bamboesstok* en *Sonklong oor Afrika* figureer. Gegewe die outobiografiese aard van hierdie twee bundels en bundel-in-wording van 'n digter met 'n sterk visuele inslag wat sy eie leefwêreld en bio-omgewing inspan, is dit te verstane.

3.2 Voëlspesies

In sy nege bundels verwys Opperman na 32 voëlspesies en in *Sonklong oor Afrika* word daar na 'n verdere 5 spesies verwys, dit wil sê 'n totaal van 37 spesies. Tabel 3-1 lys die aantal asook die spesifieke voëlspesies waarna Opperman in sy bundels en sy bundel-in-wording verwys. In Bylaag A word hierdie voëlspesies asook die spesifieke gedigte waarin hulle aangetref word, vermeld.

Tabel 3-1: Voëlspesies per Opperman-bundel

Bundel	Aantal voëlspesies	Spesies
<i>Heilige beeste</i>	10	Bloukraanvoël, blouvisvanger, boskraai, fiskaallaksman, gewone tarentaal, hadida, langstertflap, steenuil, swartaasvoël, vlaktelewerik
<i>Negester oor Ninevé</i>	5	Hamerkop, pou, rooivink, tortelduif, vlaktelewerik
<i>Joernaal van Jorik</i>	4	Gewone tarentaal, kleinrooivalk, pou, veereier
<i>Engel uit die klip</i>	4	Bokmakierie, langstertflap, piet-my-vrou, rooivink
<i>Blom en baaierd</i>	5	Fiskaallaksman, hamerkop, hoender, tortelduif, vleiloerie
<i>Dolosse</i>	5	Dodo, gewone tarentaal, hoender, kalkoen, vleiloerie
<i>Kuns-mis</i>	2	Hoender, vlaktelewerik
<i>Edms. Bpk.</i>	1	Fiskaallaksman
<i>Komas uit 'n bamboesstok</i>	14	Diederikkie, fiskaallaksman, gewone tarentaal, gompou, hoender, hoep-hoep, jangroentjie, kalkoen, kolgans, kransduif, kransswael, maraboe, piet-my-vrou, volstruis
Bundel-in-wording		
<i>Sonklong oor Afrika</i>	10	Gewone tarentaal, glasogie, goudsnip, hamerkop, hoender, mahem, rooivink, sekretarisvoël, skoorsteenveër, withalskraai

In hierdie afdeling word net enkele van die 37 spesies waarna Opperman verwys, in meer besonderhede bespreek. Voëlspesies waarmee hy in sy jeugjare in Zoeloeland in aanraking gekom het, figureer prominent in veral *Heilige beeste* en *Negester oor Ninevé*. Opperman verwys in etlike gedigte na 'n voël of voëls na gelang soort (oftewel *genus*), eerder as na 'n bepaalde spesie, maar gegewe plek en/of die besondere beskrywing, is dit duidelik dat die betrokke verwysing slegs op 'n bepaalde spesie betrekking kan hê. In dié verband kan verwys word na die gewone tarentaal (*Numida meleagris*) en die vleiloerie (*Centropus burchelli*).

Tabel 3-2 lys die streeks- of volksname wat Opperman in verskeie gevalle vir bepaalde voëlspesies gebruik. In sommige gevalle word dit spesifiek gedoen om meer direk by die tema van die gedig aan te sluit.

Tabel 3-2: Streeks- of volksname vir bepaalde voëlspesies

Bundel	Gedig	Erkende naam vir voëlspesie	Wetenskaplike naam	Streeks- of volksnaam
<i>Heilige beeste</i>	“Bulawayo” uit “Shaka”	Fiskaallaksman	<i>Lanius collaris</i>	Laksman
	“Langeni” uit “Shaka”	Langstertflap	<i>Euplectes progne</i>	Sakaboela
	“Langeni” uit “Shaka”	Vlaktelewerik	<i>Chersomanes albofasciata</i>	Vlakvoël
	“Dukuza” uit “Shaka”	Swartaasvoël	<i>Torgos tracheliotus</i>	Koningsvoël
<i>Negester oor Ninevé</i>	“Wildernis”	Tortelduif	<i>Streptopelia capicola</i>	Tortel
	“Vuur”	Vlaktelewerik	<i>Chersomanes albofasciata</i>	Vlakvoël
<i>Joernaal van Jorik</i>	“Duikeboot”	Veereier	<i>Bubulcus ibis</i>	Bosluisvoël
<i>Engel uit die klip</i>	“Seance” uit “Brandaan”	Bokmakierie	<i>Telophorus zeylonus</i>	Kokkewiet
	“Maagd” uit “Diereriem”	Langstertflap	<i>Euplectes progne</i>	Sakaboela
<i>Blom en baaierd</i>	“Klok” uit “Staking op die suikerplantasie”	Fiskaallaksman	<i>Lanius collaris</i>	Laksman
	“Kersliedjie”	Hoender	<i>Gallus gallus</i>	Bantam
	“Oud-digter”	Vleiloerie	<i>Centropus burchellii</i>	Reëvoël
	“Paddas”	Tortelduif	<i>Streptopelia capicola</i>	Tortel
<i>Dolosse</i>	-	-	-	-
<i>Kuns-mis</i>	“Wie rus?”	Vlaktelewerik	<i>Chersomanes albofasciata</i>	Vlaktevoël
	“Oom Frikkie Voorsitter” uit “Patriargallery”	Hoender	<i>Gallus gallus</i>	Leghorn
<i>Edms. Bpk.</i>	“Edms. Bpk.”	Fiskaallaksman	<i>Lanius collaris</i>	Janfiskaal
<i>Komas uit 'n bamboesstok</i>	“Koggelbos”	Diederikkie	<i>Chrysococcyx caprius</i>	Diederik
	“Mirakelspel: Wie't Mossie doodgemaak?”	Fiskaallaksman	<i>Lanius collaris</i>	Janfiskaal
	“Fuga op die vroestuk”	Volstruis	<i>Struthio camelus</i>	Vogel struis
Bundel-in-wording				
<i>Sonklong oor Afrika</i>	“Die tarentale wei”	Gewone tarentaal	<i>Numida meleagris</i>	Poelpetater
	“Tuinslang”	Glasogie	<i>Zosterops capensis</i>	Kraalogie
	“Die Goue Snip van Afrika”	Goudsnip	<i>Rostratula benghalensis</i>	Goue snip
	“Stad Afriek”	Withalskraai	<i>Corvus albicollis</i>	Rinkhalskraai

Vervolgens word die verwysings na enkele spesies kortliks van naderby beskou.

3.2.1 *Hadida (Bostrychia hagedash)*

Reeds in “Heilige beeste”, die eerste gedig in sy debuutbundel *Heilige beeste*, word die hadida as simbool ingespan.¹⁷ Die hadida is ook ’n belangrike simbool in *Voëlvry* (1968), Opperman se laaste versdrama. In beide gevalle is die hadida ’n simbool van onheil en dood (in ooreenstemming met Zoeloekultuur (Kannemeyer, 1986:21)) en in *Voëlvry* word die hadida ook spesifiek die “doodsvoël” genoem (Nolte, 1976:248). Alle ibisse word as “onrein” beskou,¹⁸ wat die beeld van onheil ook verder versterk. Spies (1981:37), daarenteen, verklaar dat die hadida deur die Zoeloes as “half-heilig” beskou word, en dus as simbool van waaksaamheid beskou moet word. Dit strook oënskynlik nie met die wyse waarop Opperman dit gebruik nie. Haar bespreking van die hadida (1981:36-40) is onoortuigend.

Hadidas is ibisse, maar anders as meeste ander ibis-spesies, hou hulle eerder in die veld as aan die waterkant (Prozesky, 1964:94) en sit hulle gereedlik in bome (McLachlan en Liversidge, 1978:56). Opvallend is dat die hadida in “Heilige beeste” in ’n noorsboom sit, ’n boom wat behoort tot die *Euphorbia*-familie. Dié boom het ’n giftige sap (soos Spies (1981:36) tereg ook uitwys) en versterk derhalwe ook die onheil en bedreiging wat deur die voël versimboliseer word. Dit is opvallend dat die hadida en noorsboom ook in noue samehang voorkom in die Voorspel en slottoneel van *Voëlvry*. In beide tonele kla die ylende Louis Trichardt die “hadida se lag maak my nog mal” en, waarsku hy (sy oorlede vrou Martha) “die arms van die noorsboom krul om jou”. Die onheil en doodskonnotasie is ondubbelsinnig.

3.2.2 *Hamerkop (Scopus umbretta)*

Die hamerkop is ook ’n bekende simbool vir teenspoed en die dood (Snyman, 1987:126), onder andere in die Zoeloekultuur (Biyela, 2009:49-51). Hierdie spesie word in twee Opperman-gedigte en ’n vers-in-wording aangetref. In sekerlik een van sy bekendste gedigte, “Ringdans van die hamerkoppe” (*Blom en baaierd*), word die rasse-vraagstuk en meer spesifiek die verbrokkeling van swartes se gesinslewe deur trekarbeid en verstedeliking onder meer versimboliseer (Grové, 1974c:138; Nortjé, 2011:64). Die uitbeelding van die hamerkop as onheilssimbool in die konteks van die Zoeloekultuur (Biyela, 2009:50) staan voorop. Hierdie gedig is deur verskeie letterkundiges bespreek (Spies, 1963; Van Heerden, 1974b:122; Antonissen, 1974:130; Grové, 1974c:138-140; Cloete, 1974d:152-155, Snyman, 1987:126-127). Die wyse waarop die hamerkoppe se dans beskryf word in strofes ses en sewe

¹⁷ Anekdoties verwys Kannemeyer (1986:21) na een van Opperman se ooms op die plaas Stedham wat die volgende opgemerk het oor die hadida: “As julle ’n hadida uitkoggel of sy geluid namaak, sal julle bloedvinte op julle rug kry!”

¹⁸ Deuteronomium 14:16.

is, voëlkundig beskou (Prozesky, 1964:72), besonder akkuraat. Grové (1982:499) verwys tereg na die fyn balans van “ritme, klank en plastiek”.

Die hamerkop kom ook ter sprake in “Nagwaak by die ou man” (*Negester oor Ninevé*), waar die sinsnede “Uit hamerkop hou ek bedags die troebel kuile dop” (strofe 5, reëls 3-4) ook sinspeel op die dood. Die vers-in-wording “Ons hamerkoppies maak bekend” (*Sonklong oor Afrika*) is ’n speelse vers wat, met ’n akkurate voëlkundige beskrywing van die massiewe hamerkopnes (Prozesky, 1964:73-74; McLachlan en Liversidge, 1978:45), op die oog af handel oor die generasiegaping.

3.2.3 Gewone tarentaal (*Numida meleagris*)

’n Voël waarmee Opperman sy lewe lank intiem vertrouwd was, die gewone tarentaal (Maclean, 1985:182-183; Ginn *et al*, 1989:190; Harrison *et al*, 1997:308-309),¹⁹ word in drie gedigte in *Heilige beeste* aangetref, naamlik “Vakansiebrief”, “Dingiswayo” uit “Shaka” en “Borrel”. Al drie hierdie gedigte kan bio-regionaal in Zoeloeland geplaas word. Dit geld ook die beskrywing van die tarentaal in strofe twaalf van “Kamera” (*Joernaal van Jorik*). In latere verse word die tarentaal, met sy kenmerkende voorkoms, as simbool gebruik om die swart-wit vraagstuk in Suid-Afrika (en kolonialisme elders op die vasteland) aan te spreek. Dit word op subtile wyse gedoen in “Maraispark” (*Komas uit ’n bamboesstok*) en baie ooglopend in sy vers-in-wording “Die tarentale wei” (*Sonklong oor Afrika* – kyk Kannemeyer, 2000:158-159). Die eerste ses versreëls van laasgenoemde vers-in-wording lui soos volg:

Die tarentale
broei en broei en broei
swart kuiken- kuiken- kuiken-
tjies tjies tjies tjies tjies tjies
henne hane hane hene hene hane
swerm swart in Soweto’s ...

terwyl die slotstrofe lui:

dan op ’n dag, ’n middag, nag of liefs vroegoggend
met wip, klip, koeël
is die jagers daar: Nkruma ... Boer ...
met sy bulhond vir die groot jag
teen die
poele poele pè pe pé taters.

¹⁹ Naas die gewone tarentaal (*Numida meleagris*) is daar verskeie ander tarentaal-spesies in Afrika (Sinclair en Ryan, 2003:118-119) waarvan net een, die kuifkop-tarentaal (*Guttera pucherani*), ook in Suid-Afrika voorkom (Sinclair en Ryan, 2003:118; Newman en Newman, 2010:176). Die kuifkop-tarentaal is egter ’n skaars en skugter voël wat in digte oewerbos of kusbos in ’n baie beperkte verspreidingsgebied in Suid-Afrika (in Limpopo en KwaZulu-Natal) aangetref word (Maclean, 1985:183; Ginn *et al*, 1989:191). Alhoewel Opperman hierdie tarentaalspesie moontlik in Zoeloeland se kusbos teëgekomp het, is die tarentaal-verwysings in sy gedigte ooglopend na die gewone tarentaal.

“Poelpetater” en ook “poelpetaan” is streeksname vir die gewone tarentaal in veral die Weskaap (Louw en Eksteen, 1975:42; HAT, 1976:653).²⁰

3.2.4 *Piet-my-vrou (Cuculus solitarius)*

Die piet-my-vrou word in net twee gedigte vermeld, naamlik “Pan” uit “Diereriem” (*Engel uit die klip*) en “III Lente” uit “Grondstowwe by die siklus van seisoene” (*Komas uit ’n bamboesstok*). As ’n trekvoël wat in laat-September of vroeg-Oktober uit midde-Afrika in Suid-Afrika opdaag (Prozesky, 1964:114), word die roep van die piet-my-vrou algemeen beskou as ’n teken dat die lente aangebreek het, onder meer ook in die Zoeloe-kultuur (Biyela, 2009:46).²¹ Die naam “piet-my-vrou” is ’n onomatopoeie (Ginn *et al*, 1989:318, Labuschagne en Eksteen, 2010:913) en tydens die lente kan hulle kenmerkende roep dikwels dag en nag gehoor word (Maclean, 1985:328-329). Alhoewel die piet-my-vrou behoort tot die koekoek-familie wat bekend is daarvoor dat hulle hul eiers in die neste van kleiner voëls spesies lê sodat hierdie voëls dan hul eiers uitbroei en die kuikens grootmaak (Prozesky, 1964:114), gebruik Opperman sy verwysings na hierdie spesie om die lenteseisoen te beklemtoon. In “III Lente” is die verwysing bio-regionaal (Stellenbosch) akkuraat, maar dit geld nie vir die verwysing in “Pan” nie. In die konteks van die Diereriem, verteenwoordig Pan (die mitologiese natuurgod) die simbool vir die tydperk 21 Maart tot 19 April (wat meesal eerder deur Aries oftewel die “Ram” voorgestel word). Alhoewel dit dan vroeg-lente is in die noordelike halfrond en Opperman bewustelik die noordelike halfrond se seisoene beskryf (Deudney, 1971:94), kom die piet-my-vrou nie in Europa voor nie. Die verwysing na ’n piet-my-vrou is bedoel om die gedig meer universeel van toepassing te maak.

3.2.5 *Gewone vleiloerie (Reënvoël) (Centropus burchelli)*²²

In “Oud-digter” (*Blom en baaierd*) word daar na die gewone vleiloerie verwys as die “reënvoël”. Dit is ’n algemene volksnaam vir hierdie voëls spesie (Prozesky, 1964:140; McLachlan en Liversidge, 1978:254; Labuschagne en Eksteen, 2010:982), wat se kenmerkende borrelende roep – so word daar geglo – die koms van reën aandui. In die konteks van die bepaalde gedig is “reënvoël” ’n treffende simbool vir die inspirasie waarop die digter reikhalsend met sy “Kalahari’s wit papier” (slotreël) wag.

²⁰ Dit word afgelei van die Franse naam wat letterlik “gespikkelde hoender” beteken.

²¹ Biyela (2009:46) stel dit soos volg: “In the province of KwaZulu-Natal, the bird paradise, there is no spring without the resounding call of the *uPhezukomkhono* (Red-chested Cuckoo), which is interpreted by humans as encouraging people to start ploughing ...”

²² Alhoewel daar verskeie vleiloerie spesies is (Sinclair en Ryan, 2003:232-235), kom slegs die gewone vleiloerie (*Centropus burchelli*) in Zoeloland en die Weskaap voor (Newman en Newman, 2010:244).

In “Fonteine van Tivoli” (*Dolosse*) vergelyk Opperman op besondere wyse die geluid van die bekende fonteine naby Rome met die vleiloerie se “doe-doe-doe-doe-doe-doe-doe-doe”-roep (Prozesky, 1964:140), wat hy in strofe twee soos volg beskryf:

Ja, die waters sproei tot pluimstele,
maar in die pype van die waterorrel
die vleiloerie se bottelkeel
wat borrelende klanke gorrel?

Tereg merk Van Rensburg (1974a:289-290) op dat hier uitsonderlike klankspel ter sprake is.

3.2.6 *Langstertflap (Sakaboela) (Euplectes progne)*

“Sakaboela” is ’n (ou) Afrikaanse streeksnaam vir die langstertflap en is afkomstig van die Zoeloenaam, *iSakabuli* (McLachlan en Liversidge, 1978:583). Opperman verwys in twee van sy vroeëre gedigte, “Langeni” uit “Shaka”(kyk 4.2.1.1 hieronder) in *Heilige beeste* en “Maagd” uit “Diereriem” (*Engel uit die klip*) na hierdie voël. In “Langeni” is die verwysing na die sakaboela en sy flappende vlug voëlkundig akkuraat. Net soos wat dit die geval is met die verwysing na die piet-my-vrou in “Pan”, is die verwysing na die sakaboela in die kwatryn “Maagd” bio-regionaal buite konteks. Hierdie spesie kom nie in Europa voor nie, maar word tog baie bewustelik ingespan en die streeksnaam deur Opperman gebruik om die konteks meer universeel ook in Afrika-verband van toepassing te maak.

3.2.7 *Fiskaallaksman (Lanius collaris)*

Die “fiskaallaksman” (Sinclair en Davidson, 1995:246; Newman en Newman, 2010:412) word in ouer voëlkundige boeke ook “janfiskaal” (Prozesky, 1964: 178), “fiskaal” (McLachlan en Liversidge, 1978:502) genoem en is ’n baie bekende voël (Prozesky, 1964:178) wat algemeen voorkom in bykans alle streke in Suid-Afrika (Maclean, 1985:641-642; Newman en Newman, 2010:412). Gegewe hierdie spesie se kenmerkende gedrag, is daar verskeie streeksname vir dié voël, waaronder “laksman”, “fiskaal” en “kanariebyter” (Prozesky, 1964:177; Louw en Eksteen, 1977:5-8; Van Wyk, 2003:116 en 227). Veral die streeksname “laksman” en “janfiskaal” word algemeen dwarsoor Suid-Afrika aangetref (Louw en Eksteen, 1977:5). Dit is ook hierdie twee benamings vir die fiskaallaksman wat in verskeie Opperman-gedigte te vinde is. In “Bulawayo” uit “Shaka” (*Heilige beeste*) (kyk 4.2.1.3) asook in “II Klok” uit “Staking op die suikerplantasie” (Blom en baaierd) gebruik Opperman die streeksnaam “laksman”, terwyl in “Edms. Bpk.” (*Edms. Bpk.*) (kyk 4.2.3) en “Mirakelspel: Wie’t Mossie doodgemaak?” (kyk 4.2.6) (*Komas uit ’n bamboesstok*) die naam “fiskaal” gebruik word.

Hierdie voël, wat behoort tot die laksman-familie, is karnivories en berug vir 'n aantal karaktereenskappe, waaronder die jagmaak op insekte en klein voëltjies, die aanval van mak kouvoëls en die eenaardige gewoonte om prooi wat nie dadelik geëet word nie, aan dorings of doringdraad vas te steek (Prozesky, 1964:177; Louw en Eksteen, 1977:5; McLachlan en Liversidge, 1978:503; Van Wyk, 2003:227). Dit is hierdie gedrag wat aan hierdie voël tereg die benaming “laksman” gee, terwyl dit die territoriale gedrag en luidkeelse verkondiging van sy gebied is wat vrees by ander voëls inboesem, wat die naam “fiskaal” tot gevolg gehad het (Van Wyk, 2003:116). Soos sal blyk uit die bespreking van spesifieke gedigte in Hoofstuk 4, gebruik Opperman hierdie eienskappe besonder oordeelkundig om bepaalde menslike karaktertrekke uit te beeld of 'n bepaalde simboliek te skep of versterk.

3.3 Voëlsoorte

In sy nege bundels verwys Opperman na 26 voëlsoorte. In *Sonklong oor Afrika* is daar 'n verdere verwysing na “geelvinke” in twee verse-in-wording. Tabel 3-3 toon die aantal voëlsoorte aan waarna Opperman in sy bundels asook sy bundel-in-wording verwys. In Bylaag B word die voëlsoorte asook die spesifieke gedigte en verse-in-wording waarin hulle aangetref word, in meer besonderhede vermeld.

Tabel 3-3: Voëlsoorte per Opperman-bundel

Bundel	Aantal voëlsoorte	Voëlsoorte (<i>genus</i>)
<i>Heilige beeste</i>	9	Arend, duif, kiewiet, kraai, kwartel, loerie, meeu, patrys, swaeltjie
<i>Negester oor Ninevé</i>	9	Duif, fisant, kanarie, kiewiet, korhaan, kraai, patrys, valk, wildepou
<i>Joernaal van Jorik</i>	7	Fisant, kwartel, meeu, patrys, pikkewyn, swaan, valk
<i>Engel uit die klip</i>	8	Aasvoël, duif, kraai, kwartel, meeu, pikkewyn, swaeltjie, windswael
<i>Blom en baaierd</i>	8	Duif, kanarie, kraai, meeu, parkiet, tinkinkie, windswael
<i>Dolosse</i>	5	Meeu, pikkewyn, reier, swaeltjie, uil
<i>Kuns-mis</i>	1	Meeu
<i>Edms. Bpk.</i>	6	Arend, duif, fisant, gans, kanarie, meeu
<i>Komas uit 'n bamboesstok</i>	9	Aasvoël, duif, kraai, meeu, mossie, pikkewyn, spreeu, swaeltjie, vink
Bundel-in-wording		
<i>Sonklong oor Afrika</i>	6	Arend, duif, geelvink, spreeu, valk, uil

In hierdie afdeling word net na enkele voëlsoorte verwys.

3.3.1 Meeue

Meeue is dié voëlsoort wat in die grootste aantal gedigte (naamlik 15) en in agt van Opperman se bundels aangetref word. Net in *Negester oor Ninevé* en *Sonklong oor Afrika* kom geen verwysings na meeue voor nie. Meeue word deur Opperman aangewend as metafoor vir briewe (Nolte, 1976:235) in “Eilandgroep” (*Heilige beeste*), as simbool van

verlossing of genade (Snyman, 1987:30) in onder meer “Bontekoe” (*Komas uit ’n bamboesstok*) en as boodkappers teen valsheid (Nolte, 1976:235) in *Joernaal van Jorik*.

3.3.2 *Kraaie*

Opperman span kraai dikwels – en bykans deurgaans – in as onheilsimbool of -bode (Nolte, 1976:233) en as “aan die ligbringers” (Nolte, 1976:234). In die verband kan veral gelet word op “Vakansiebrief” (*Heilige beeste*), “Ná ’n besoek aan die dieretuin” (*Negester oor Ninevé*), “Sprokie van die spikkelkoei” en “Gebed om die gebeente” (*Engel uit die klip*) en “Buite die ark, die kraai” (*Komas uit ’n bamboesstok*). Sowel “Ná ’n besoek aan die dieretuin” as “Sprokie van die spikkelkoei” word in oënskou geneem in Hoofstuk 4. Die swart-en-wit “rinkhalskraai” (meer bekend as “withalskraai”) wat in “Stad Afriek” (*Sonklong oor Afrika*)²³ vermeld word, is ook simbolies gelaai. Die kleure kan wys op die rassekwessie en meer spesifiek in konteks, kolonialisme, met die klein wit minderheid wat plunder en die groot swart meerderheid wat moet bedel en aas.

3.3.3 *Swaeltjies*

Aangesien meeste swaeltjies trekvoëls is, word hulle dikwels ingespan om seisoene (lente of herfs), vryheid of reis te simboliseer. In die sonnet “Wandeling” (*Heilige beeste*), wat ’n paradysagtige toneel beskryf, verwys Opperman na die “wit-blou veer wat van die snelle swalu glip”. In die nagmerrie-hel wat beskryf word in “Jeroen Bosch” (*Engel uit die klip*) word verwys na “eerste swaeltjies”. In beide gevalle skyn die swaeltjie te wys op die lente. In “Dennebol” (*Dolosse*) kyk die swanger vrou, moeg van werk en wellus, “hoe swaeltjies vlieg”, wat dui op haar onvryheid. In “Trekswaeltjies” uit die Epiloog van *Komas uit ’n bamboesstok*, soos die titel reeds aantoon, gaan dit om die reismotief, maar veral ook oor tuiskoms. Die swaeltjies maak immers nes onder Opperman se Franskraalhuis se dak. Die “swaeltjies” wat hier ter sprake is, is na alle waarskynlikheid groot streepswaels (*Cecropis cucullata*), omdat dié soort swaeltjies trekvoëls is wat onder dakke nesmaak en inderdaad volop in die Suid-Kaapse kusstreek voorkom (McLachlan en Liversidge, 1978:355).

3.3.4 *Kanaries*

Kanaries word in drie Opperman-gedigte vermeld. In die gedig “Kanarie” (*Edms. Bpk.*) word die spanning tussen lewe en dood treffend uitgebeeld (Grové, 1982:505). Kanaries wat bogronds met hul pragtige sang “God versprei” (reël 3), word in die myne aangewend om die dodelike “onsigbare gas” (reël 5) op te spoor. Dit lei uiteraard tot die voël se dood wat dan

²³ Kannemeyer (2000:127) is van mening dat die “stad” wat Opperman in gedagte het, Blantyre in Malawi is.

met “’n vliesie oor ’n oog gesak” (reël 14) en “pootjies opgekrul” (reël 15) “slap in die kou lê” (reëls 11-12) – “die goue klank is stil” (reël 16).

3.3.5 Uile

Die steenuil (*Athene noctua*) word, as spesie, in “Reën in die bosveld” (*Heilige beeste*) aangetref. Dit is ’n spesie wat in Europa en Noord-Afrika voorkom (Peterson *et al*, 1965:187), nie in Suid-Afrika nie. Die benaming “steenuil” is Nederlands, maar kom tog in Afrikaans voor (Labuschagne en Eksteen, 2010:1212), alhoewel die wetenskaplike naam deur dié skrywers as *Strix flammea* aangedui word. Uile figureer prominent in die “Spermutasie”-siklus (*Dolosse*) wat deur verskeie letterkundiges bespreek is (Grové, 1974d:159-163; Lindenberg, 1974:168-169; Eksteen, 1974:171-173; Bekker, 1974:174-175; Snyman, 1987:180-181). Uile word ook vermeld in twee verse in wording, naamlik “Oorlosies tussen blare” en “Ons hamerkoppies maak bekend” (*Sonklong oor Afrika*).

3.4 Direkte en indirekte voëlverwysings

Bylaag C bevat ’n lys van verwysings na voël(s), of aspekte van voëls, soos vlerke, vere, eiers en dies meer. Slegs enkele direkte of indirekte verwysings na voëls en hoe dié verwysings bydra tot die tema van ’n gedig, word nou kortliks bespreek.

In “Ballade van die gryslan III” (*Negester oor Ninevé*) skep Opperman die besonderse beeld “hoe deur die reën en laaste lig,/krukkig soos nat voëls/loop elke jas met sy gesig”. Daar is ook verskeie voorbeelde van blote vergelykings, onder meer in “Duikboot” (*Joernaal van Jorik*) waar “die mas en tou aan elke wit seil span/soos been en sening in ’n meeu se vlerk”, in “Mohammed aan Ajesja” (*Engel uit die klip*) waar die minnares daarop wys dat haar “jong borste” hul “plooiloos soos ’n duif se krop” span, en in die slotstrofe van “Stem uit die spelonk” uit “Teodoliet” (*Edms. Bpk.*) waar die dooie masjiniërs meld: “Ek word oud, my hare lank soos arendvere,/my naels soos dié van voëls”.

3.5 Voëls in bepaalde stylfigure

3.5.1 Voëls as simbole

Opperman span voëls in ’n hele aantal van sy gedigte as simbole (kyk 1.4.7 hierbo) in. Daar word met die volgende voorbeelde volstaan:

Piet-my-vrou en diderik: In “Pan” (*Engel uit die klip*) en “III Lente” uit “Grondstowwe by die siklus van seisoene” (*Komas uit ’n bamboesstok*) dien die piet-my-vrou as simbool van die

lente, oftewel geboorte en 'n nuwe begin. Die dier in “Koggelbos” (*Komas uit 'n bamboesstok*) kan ook as simbool van 'n hergeboorte of nuwe begin beskou word.

Vleiloerie (oftewel “reënvoël”): In “Oud-digter” (*Blom en baaierd*) is die reënvoël 'n simbool van vrugbaarheid en inspirasie.

Meeu en duif: Meeue (in “Bontekoe” (*Komas uit 'n bamboesstok*)) en die duif (in “Gees” uit “Almanak” (*Negester oor Ninevé*) en “Papajabos” uit “Kroniek vir Kristien” (*Blom en baaierd*)) is simbole van genade (Nolte, 1976:238).

Hadida, hamerkop en kraai: In “Heilige beeste” (*Heilige beeste*) en “Ringdans van die hamerkoppe” (*Blom en baaierd*) word die hadida en hamerkop respektiewelik as simbole van onheil ingespan. Ook die kraai in “Sprokie van die spikkelkoei” (*Engel uit die klip*) vervul die rol van onheilsbodes (Nolte, 1976:233) en as simbool vir die gewete (Kannemeyer, 1990:210).

3.5.2 *Voëls as metafore*

Opperman gebruik voëls as metafoor (oftewel “beknopte vergelyking” – kyk 1.4.5 hierbo) vir briewe of boodskappers. In “Eilandgroep” (*Heilige beeste*) “fladder” die twee enkelinge se briewe “rou en skel/van strand tot strand...”, in “Twee stede” (*Heilige beeste*) is daar sprake van “die wit vlug/ van briewe deur die lug” en in “Kantelkompas” uit “Teodoliet” (*Edms. Bpk.*) die pragtige beeld van die seevoëls as “witswart roukoeverte” (Nolte, 1976:235-236). In Opperman se bekende gedig “Paddas”, die slotgedig in *Blom en baaierd*, verwys die paddas na hulself as die “tortels van die modder” wat, deur die “reën ontroer”, begin “koer”.

3.5.3 *Voëls en antropomorfismes*

Opperman is deurgaans in sy oeuvre daarop bedag om nie goedsikks of ondeurdag menslike eienskappe aan voëls of diere toe te dig nie. In enkele gevalle waar hy wel 'n antropomorfisme (kyk 1.4.1 hierbo) gebruik, word dit doelbewus gedoen om die tema beter toe te lig, of om die ironie of speelse aard van die gedig te versterk.

In “Die goue snip van Afrika” (*Sonklong oor Afrika*) word die nes van die goudsnip as 'n “taj mahalletjie” beskryf en die oë van die wyfiegoudsnip as “swart mere” ('n mooi metafoor) tussen “rooi en pers/grimmige grimeringe”. In “Mahem!” (*Sonklong oor Afrika*) word die

mahem beskryf as 'n “vreemdeling” met 'n “swart pet, rooi lel, wit wang/'n donker grys manel/ wat loop en peins” (kyk ook 4.2.8 hieronder).

Bovermelde verwysings is maar enkele voorbeelde van wat Grové (1982:500) Opperman se “verbluffende taalontginning” en Kannemeyer (1990:203) 'n “verruiming van die poëtiese woordeskat” sou noem. In die volgende hoofstuk word enkele Opperman-gedigte waarin voëls die hooftema of minstens 'n sentrale tema toelig, in besonderhede bespreek.

Hoofstuk 4

Funksionaliteit van voëls in enkele Opperman-gedigte

4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk was die fokus op voëlspesies en -soorte as sodanig geplaas. In hierdie hoofstuk word nege van Opperman se gedigte en verse-in-wording (uit *Sonklong oor Afrika*) waarin voëls die hoof- of minstens 'n sentrale tema daarstel of toelig, in meer besonderhede bespreek. Uiteraard is die fokus in hierdie hoofstuk hoe die verwysings na bepaalde voëlspesies en -soorte bydra tot die tema van die betrokke gedig en of die verwysings voëlkundig en bio-regionaal akkuraat is.

4.2 Die funksionaliteit van voëls in enkele gedigte

4.2.1 “Shaka”

Voëls speel 'n sentrale rol in die vyfdelige gedig “Shaka” uit Opperman se eerste bundel, *Heilige beeste*, en ook Opperman se eerste, dog baie geslaagde epiëse vers (Dekker, 1974a:5; Kannemeyer, 1990:205). Snyman (1987:70) wys daarop dat Opperman daarin slaag om 'n verband te lê tussen gegewens uit die onverbiddelike natuur en die emosionele interaksies binne die menslike gees. Ook Nienaber en Lategan (1952:38) wys daarop dat hierdie gedig 'n voorbeeld is van hoe die natuur aangewend kan word as bron vir die beelding van menslike emosies en handeling.

Hierdie gedig handel op chronologiese wyse oor die lewe van die eerste Zoeloe-opperhoof Shaka²⁴ en speel uiteraard af in Zoeloeland, die omgewing waar Opperman self grootgeword het (Kannemeyer, 1986:15-49; Van Vuuren, 1999:456). Opperman se intieme kennis van die natuur en Zoeloekultuur en fyn waarnemingsvermoë word deurgaans in hierdie gedig vertoon. Al die voël- en diersoorte waarna hy verwys, kom ook tereg voor in Zoeloeland, of het in die tyd wat Shaka geleef het, daar voorgekom.

4.2.1.1 Langeni

In “Langeni”, die eerste gedig in die epos, is Shaka nog 'n jong seun. Hy is egter 'n verstote kind wat eensaam omgaan met die natuur (Spies, 1992:60), maar reeds met 'n besondere

²⁴ Shaka (circa 1787 tot 1828) het verskeie stamme saamgesnoer en was opperhoof van die Zoeloes vanaf 1818 tot en met sy dood in 1828 (Bulpin, 1966).

waarnemingsin en ontluikende jagersinstink. Die voëls wat in “Langeni”, vermeld word, is al drie relatief klein voëls wat hoofsaaklik grondbewoners is en geassosieer word met grasvelde. Dit pas bio-regionaal in by die ligging van die Langeni-stam se woonplek aan die bloop van die Mhlathuze-rivier in die Babanango-omgewing. Die voëls waarna in hierdie gedig verwys word, is die vlaktelewerik (*Chersomanes albofasciata*), die langstertflap (*Euplectes progne*) en die “gespikkelde patrys”. Opperman gebruik die Afrikaanse streeksname “vlakvoël” (McLachlan en Liversidge, 1978:321 en 339) vir die vlaktelewerik en “sakaboela” (Gill, 1964:28)²⁵ vir die langstertflap. Soos reeds vermeld, is laasgenoemde streeksnaam afkomstig van die Zoeloenaam, *iSakabuli* (McLachlan en Liversidge, 1978:583). Heel vernuftig gebruik Opperman ook die werkwoord “flap”, ’n alternatiewe streeksnaam vir hierdie vinkspesie, wat die voël se besondere vlugwyse tydens die somermaande, wanneer die mannetjie in sy broeidrag pronk, beskryf. Die “gespikkelde patrys” is nie ’n erkende streeksnaam nie, maar gegewe die Babanango-omgewing en die nabyheid van die Mhlathuze-rivier, is dit waarskynlik die rooivlerk-patrys (*Francolinus levaillantii*) of moontlik die bergpatrys (*Francolinus africanus*). Beide hierdie patrysspesies kom in hierdie omgewing voor (McLachlan en Liversidge, 1978:124-125) en beide vertoon dieselfde gewoontes, naamlik om vinnig op te vlieg as dit opgeskrik word en dan ’n kort entjie weg te vlieg, waarna dit nie weer maklik ’n tweede keer opgejaag word nie. Om derhalwe ’n “gespikkelde patrys” “voor sy kerie” te “knak” (strofe 2, reëls 17-18), verg besondere jagvernuf. Biyela (2009:38) meld dat die jag van klein voëltjies ’n baie gewilde tydverdryf van jong Zoeloeseuns was en dat die suksesvolle jag van ’n kwartel as teken gesien is dat ’n seun besig was om volwasse te word. Die opspoor van die vlakvoël se nes (strofe 2, reëls 12-13) getuig ook hiervan. Hierdie voëls se neste is altyd vernuftig in die gras weggeteek (Maclean, 1984:443; Ginn *et al*, 1989:424) en dus besonder moeilik om op te spoor, veral aangesien hierdie lewerikke verskillende strategieë volg om hul neste te beskerm. Soms word ’n opsigtelike vertoonvlug uitgevoer om indringers van die nes af weg te lok (Ginn *et al*, 1989:424), of andersins – ten spyte van dreigende gevaar – sal die lewerik doodstil op die nes bly sit.²⁶ Interessant is Biyela (2009:39) se stelling dat “hunting brooding birds was forbidden. In a Zulu family, a boy would be taught that if he found a brooding bird, he had to treat it as his own ‘property’ and protect it from any kind of harassment.” Anders as die geval is met die patrys, bekrui en vang” Shaka die lewerik en eer dus hierdie tradisie en in die konteks van hierdie gedig dui dit ook op die besondere liefde wat Shaka vir sy moeder, Nandi, het. Met hierdie uiteenlopende

²⁵ Opperman verwys ook in die gedig “Maagd” uit “Diereriem” (*Engel uit die klip*) na die sakaboela.

²⁶ Hierdie uitsonderlike gedrag het Opperman treffend uitgebeeld in “Vuur” (*Negester oor Ninevé*). Strofe 3 van hierdie gedig begin soos volg: “Na ’n veldbrand het ek ’n vlakvoël/nog op haar eiers swart verkool/gevind”. Met verwysing na “Vuur” meld Dekker (1974b:19) foutiewelik dat die vlakvoël ’n “patrys” is.

gedragsbeelde (“knak” teenoor “vang”) versterk Opperman dus Shaka se sonderlinge eienskappe en dien dit ook as ’n rigtingwyser na die volwasse Shaka se skisofreniese gedrag.

Sowel die vlaktelewerik as die patrys is skugter, onopvallende voëls wat hoofsaaklik grondlewend is. Op subtiele, maar treffende wyse simboliseer hierdie voëls dus Shaka se skaamte tydens hierdie vroeë fase van sy lewe. Daarteenoor is die flap in sy broeidrag besonder opvallend en kan die gebruik van die Zoeloenaam moontlik suggereer wat op Shaka wag wanneer hy eers volwasse is. Die lang stertvere van die sakaboela is inderdaad gebruik vir die hooftoosel van veral ongetroude Zoeloekrygers (Boddy-Evans, g.d.; Knight, 1995:115). Dit is ook opvallend dat die bokkie wat Shaka jag ’n “duikertjie” is (strofe 2, reëls 20), meer waarskynlik die grysdruiker (*Sylvicapra grimmia*) wat algemeen in bosryke streke deur die hele Suid-Afrika voorkom (Stuart en Stuart, 1988:222). Gegewe die ligging van die kraal, kan dit dalk die kleiner rooidruiker (*Cephalophus natalensis*) wees wat in Suid-Afrika slegs in die kuswoude van KwaZulu-Natal en die Soutpansberge (in Limpopo) aangetref word (Stuart en Stuart, 1988:220), of selfs die nog kleiner bloudruiker (*Philantomba monticola*) wat slegs in die kuswoude aangetref word (Stuart en Stuart, 1988:220). Die gedig suggereer (strofe 2, reël 19) dat Shaka bekend was met die getye en derhalwe – by implikasie – die aangrensende duinwoude. Ook met ’n klein bokkie suggereer Opperman, soos met die voëls, op subtiele wyse die skaamte, skugterheid en teruggetrokkenheid van die jong Shaka, maar deurentyd in skrilte kontras met die ontluikende, vernuftige jagter.

4.2.1.2 Dingiswayo

In “Dingiswayo” word daar verwys na “tarentale” en “kiewietjies”. Soos reeds hierbo aangetoon, is die tarentale waarna hier verwys word die gewone tarentaal (*Numida meleagris*), eerder as die kuifkop-tarentaal (*Guttera pucherani*) wat slegs in die sandveldbos en kuswoud aan die noordkus van KwaZulu-Natal voorkom (Maclean, 1985:183; Ginn *et al*, 1989:191). Die ligging van die verskeie Zoeloekrale wat vermeld word, asook die verwysing na “die rantjie ysterklip” (strofe 2, reël 16) suggereer ook dat dit waarskynlik ’n gewone tarentaal is wat deur Shaka opgeskrik word. Gewone tarentale is besonder algemeen in veral die oostelike en suidelike gedeeltes van Suid-Afrika (McLachlan en Liversidge, 1978:135). Dit is ’n voëlspezie waarmee Opperman uiteraard goed bekend was in sy kinderjare in Zoeloeland.²⁷ Tarentale is ook hoofsaaklik grondlewend, maar aansienlik groter en minder sku as die vlakvoël en die patrys. Opperman verwys ook na “kiewietjies” wat op die “vlaktes nat en stil” (strofe 3, reël 6) “opskrik en uitskree in die voorglans van die dag”.

²⁷ Dit blyk ook uit “Vakansiebrief” (ook uit *Heilige beeste*) en “Kamera” (*Joernaal van Jorik*).

Hierdie kiewiete behoort tot een van verskeie kiewietspesies wat in hierdie tipe habitat in Zoeloeland voorkom,²⁸ maar is heel waarskynlik die gewone kiewiet (*Vanellus coronatus*) wat inderdaad ook vroeër as “kiewietjie” bekend gestaan het (McLachlan en Liversidge, 1978:173). Opvallend is dat hierdie twee voëls groter is, minder sku en dus meer opvallend is en laastens baie harder roep as die lewerik, patrys en flap in “Langeni”. Shaka is besig om meer selfvertroue te verkry en homself te laat geld. As simboliese boodskappers en “aan die ligbringers” (Nolte, 1976:234) meld hulle luidkeels Shaka se vergrype. Die vier slotreëls van “Dingiswayo” lui soos volg:

“... tot kiewietjies opskrik
en uitskree in die voorglans van die dag,
het Shaka met ’n eie impi
as hoof na die klein Zoeloe-stam beweeg.”

Hierdie is ’n pragtige beeld waarmee die nuwe era (“a new dawn”) van die Zoeloenasie onder Shaka se bewind gesuggereer word.

4.2.1.3 Bulawayo

In “Bulawayo” verwys Opperman eerstens na die “laksman” (*Lanius collaris*). Dit is bekende gedrag van hierdie spesie om prooi aan dorings of doringdraad vas te steek (kyk 3.2.7 hierbo) wat Opperman inspan as metafoor vir Shaka se brutale gebruik om die liggame van uitgewekenes en swakkellinge op pale buite die kraal vas te pen (strofe 1, reëls 12 en 13). Die laksman is ’n simbool van die dood en dui op Shaka se moorddadige handeling wat nou oop en bloot en sonder wroeging uitgevoer word.

Opperman verwys ook na die boskraai (*Bycanister bucinator*) en bloukraanvoël (*Anthropoides paradiseus*). Beide dié voëlspesies kom in Zoeloeland voor, die boskraai redelik algemeen in die oewerbos langs groter riviere (McLachlan en Liversidge, 1978:301), waaronder die Wit- en Swart-Umfoloziriviere – waarna Opperman in verskeie gedigte verwys²⁹ – en die kraanvoël in die grasvelde (McLachlan en Liversidge, 1978:152; Ginn *et al*, 1989:194) van onder meer die Natalse middellande. Opperman beskryf die roep van die boskraai tereg as ’n “blêr”-geluid (Maclean, 1985:395; Ginn *et al*, 1989:386).³⁰ In strofe 3 (reël 4) word Shaka se hooftoisel beskryf. Dit is versier met die vere van “die loerie en die

²⁸ Naas die kroonkiewiet of gewone kiewiet (oftewel “kiewietjie”), kom die bontkiewiet (*Vanellus armatus*), swartvlerk-kiewiet (*Vanellus melanopterus*), klein swartvlerk-kiewiet (*Vanellus lugubris*) en lelkiewiet (*Vanellus senegallus*) ook in hierdie omgewing voor (Ginn *et al*, 1989: 231-235; Newman en Newman, 2010:148-151).

²⁹ Kyk “Langeni” (beide), “Bulawayo” (beide) en “Borrel” (Swart) in *Heilige beeste* en “Sproeieën” (Swart) in *Engel uit die klip*.

³⁰ Maclean (1985:395) beskryf dit as ’n luide “braying, laughing, trumpeting, squealing or wailing”.

bloukraanvoël”. Volgens Biyela (2009:36, kyk ook Knight, 1995:116) was Shaka die eerste Zoeloestamhoof om die bloukraanvoël se lang stertveer in sy hooftoisel te gebruik. Vroeër was hoofsaaklik loerievere gebruik. Daar word ook deur Opperman verwys na die vere van die “loerie” wat, gegewe die omgewing waarin die Shaka-epos histories afspeel, waarskynlik verwys na die bloukuif-loerie (*Tauraco porphyreolophus*) wat in oewerbos en savanna-bosveld voorkom (McLachlan en Liversidge, 1978:239; Harrison *et al*, 1997:538-539), alhoewel die vere van die Knysnaloerie (*Tauraco corythaix*), wat ook in dele van Zoeloeland voorkom (Harrison *et al*, 1997:540-541), ook gebruik is (Biyela, 2009:36). Beide hierdie loerie-spesies, soos meeste ander loeries (Sinclair en Ryan, 2003: 218-225), is pragtige, kleurvolle voëls. Die bloukuif-loerie het pragtige groen en blou-pers vere op die bors en kop terwyl die Knysnaloerie hoofsaaklik groen vere het. Die vere aan die onderkant van die vlerke van albei hierdie loeriespesies is ’n kenmerkende helder rooi kleur. Die veelkleurige vere van loeries³¹ is algemeen gebruik in die hooftoisels van krygers met hoë range (Boddy-Evans, g.d.; Biyela, 2009:36).

4.2.1.4 Unkulunkulu

In hierdie gedig is geen direkte verwysings na voëlspesies of -soorte nie. Shaka se groeiende agterdog en vervreemding van sy eie mense word treffend beskryf, asook sy angste oor ouderdom en dood, die wonder van die lewe (“... weer sien hy die oopgevelekte meid/ toe hy hom wou oortuig hoedat ’n kind/ tussen die heupe van sy moeder lê ...” (strofe 3, reëls 11-13)), asook sy roeping as vegter namens Unkulunkulu (die slotreëls van strofe 3) – die Zoeloe-opperwese (Van Vuuren, 1999:455). Daar is ’n enkele voëlverwante verwysing na “veer-dun wolke” (in strofe 1, reël 6), ’n pragtige beskrywing van *cirrostratus*-wolke wat tipies in die hoë troposfeer en lae stratosfeer aangetref word. Met hierdie beeld word Shaka se verhewe selfbeeld en die hemelse en goddelike tema van Unkulunkulu subtiel versterk.

4.2.1.5 Dukuza

In “Dukuza”, wat heel ironies beteken “die plek waar mens verdwaal” (Spies, 1992:61), is Shaka reeds onherroepelik vasgevang in die web van jaloesie en agterdog en is sy naderende, gewelddadige dood aan die hand van sy halfbroers, Dingaan en Mhlangaan (Bulpin, 1966:69), onafwendbaar. Dukuza is Shaka se groot koninklike kraal in die suide van die Zoeloeryk.³² Shaka ontvang die boodskap dat sy moeder, Nandi, gesterf het. Sy smart ken geen perke nie en ontketen ongekende moord en doodslag binne die Zoeloestam van diegene wat nie genoeg

³¹ Boddy-Evans (g.d.) meld ook dat die vere van beide die bloukuifloerie en Knysna-loerie gebruik is.

³² Dukuza was heelwat verder suid as Bulawayo (wat naby die huidige Babanango in die noorde van Zoeloeland geleë is). Dit was geleë waar KwaDukuza (voorheen Stanger) geleë is, ommenby 70km noord van Durban.

oor haar dood rou nie. Sy raar gedrag en die vrees en haat wat dit onder sy eie mense ontketen, bied aan Dingaan en sy broer Mhlangaan die kans om Shaka uit die weg te ruim (strofe 2, reëls 18-20). Dat die skrif vir Shaka aan die muur is, word op besondere wyse gesimboliseer met die verwysing na die “koningsvoël” (McLachlan en Liversidge, 1978:80), ’n streeksnaam wat gebruik is vir die swartaasvoël (*Torgos tracheliotus*). Dié aasvoël is die grootste van al die aasvoëlspecies wat in suider-Afrika aangetref word. Dit is asosiaal en oorheers al die ander kleiner spesies by ’n karkas (McLachlan en Liversidge, 1978:80).³³ Al hierdie eienskappe is ooglopend ook eie aan Shaka. Maar alhoewel hierdie spesie op “koninklike wyse” oorheers, is aasvoëls steeds treffende simbole van die (onafwendbaarheid van die) dood en derhalwe ’n voorskouing van Shaka se eie, gewelddadige dood.

Shaka se volgelinge kom in opstand oor sy waan. Reëls 14-17 in strofe 2 lees soos volg:

“Nie net die arend van die kranse soek
’n maat, maar selfs die klein, bruin kwarteltjie!
Waar moet die ootjies wei, en waarom het
Nandi, die Wyfie-Olifant, gesterf?”

By wyse van besondere kontraste word die universele omvang van sy verdriet en die groeiende misnoë van sy stam weergegee. Die arend, die magtige heerser en meester van die lug en hoë kranse, word gestel teenoor die kwartel,³⁴ ’n klein, onopvallende voël wat hoofsaaklik grondlewend is. Nolte (1976:233 en 236) wys tereg daarop dat Opperman klein voëls (soos patryse en kwartels) inspan om die nietigheid van die mens te simboliseer. So ook word die klein (bok)ootjies teenoor die olifant gestel.

Soos in “Bulawayo”, is daar ook hier ’n verwysing na die bloukraanvoël wat weer eens Shaka se koninklikheid bevestig. Op ironiese wyse vestig hy met die vraag (strofe 2, reëls 30-31) –

“Waar is die vere van die bloukraanvoël,
die spierwit vel met ...?”

die aandag op hulle mindere status en sy eie hoë status.³⁵

4.2.1.6 Opsommende kommentaar

Opsommenderwys kan gekonstateer word dat Opperman die verskeidenheid voëls waarna hy in “Shaka” verwys, op besonder effektiewe inspan om die lewensgang en fases, asook die

³³ McLachlan en Liversidge (1978: 80) stel dit soos volg: “Held in awe by the common species, hence the old name ‘King Vulture’, usually driving off the others until it has had its fill and then standing aloof.”

³⁴ Die “bruin kwarteltjie” verwys na óf die Afrikaanse kwartel (*Coturnix coturnix*), óf die bont kwartel (*Coturnix delegorguei*) wat beide in Zoeloland voorkom (McLachlan en Liversidge, 1978:133-134).

³⁵ Benewens die bloukraanvoëlveer in sy hooftoisel, was ook die bykans spierwit beesvel waarvan sy skild gemaak was, oor die algemeen vir die koninklike kraal gereserveer (Knight, 1995:33).

karaktereienskappe van Shaka te beskryf – van klein, skalkse grondbewoners tot arende wat in die hoë sferes van die hemelruim sweef, weliswaar in die teenwoordigheid van die “koningsvoël” wat in ’n figuurlike sin die laaste woord spreek. Binne historiese, Zoeloe-kulturele en bio-regionale konteks is al die verwysings na voëls en soogdiere akkuraat en binne digterlike konteks besonder sinvol aangewend.

4.2.2 “Ná ’n besoek aan die dieretuin”

“Ná ’n besoek aan die dieretuin” is die eerste gedig in Opperman se tweede bundel, *Negester oor Ninevé* (1947). Hierdie gedig lui soos volg:

Na ’n besoek aan die dieretuin

Hebban olla vogala ...

Twee kraaie het hul nes gemaak
van stukkie draad;

en in staalkoue
ver van riete en riviere afgesluit
broei rooivinke en wildepoue
nog hul eiers uit;

in ysterhokke
ver van rantjies en langgras
werp ape en waterbokke
nog hul kleintjies af;

net in ’n enkelkamer ek en jy
van hul vreugde afgeskei.

Soos die geval was in *Heilige beeste*, is die grootstad-probleem ook die oorkoepelende tema in *Negester oor Ninevé* (Cloete, 1966:94). Hierdie sterk openingsgedig spreek beslis hierdie tema op baie direkte wyse aan, meer bepaald die spanning van interpersoonlike verhoudings in die konteks van die stad. Opperman plaas die voëls en diere saam met die mens in die stad, en alhoewel dit ’n “dieretuin” genoem word, is die “riete en rivier” (strofe 2) asook die “rantjies en langgras” (strofe 3) inderdaad “ver”. Daarbenewens is die nes van draad, die koue van staal en die hokke van yster. Maar die werklike ironie is daarin geleë dat die voëls en diere ten spyte van hul gevangenskap in die “metaalagtige omgewing” (Lindenberg, 1956:217), steeds nesmaak, eiers uitbroei en kleintjies afwerp. Kortom: hulle is in pare en ten spyte van hul gevangenskap steeds vry om voort te plant (Dekker, 1974:16). In skrilte kontras (Beukes en Lategan, 1973:125) staan die twee mense in hierdie gedig as enkelinge (“ek en jy”, eerder as “ons”), ook in ’n beperkte, selfs intieme ruimte (“enkelkamer”) – dog steriel (Lindenberg, 1956:217; Cloete, 1974a:31-32) en sonder vreugde en vryheid. Die voëls en diere pas op die

oog af beter aan by die onnatuurlike omstandighede en is meer geredelik “vry” as die stedeling wat in die stadsoerwoud vasgevang is.

Reeds met die subtitelverwysing “hebban olla vogala ...”³⁶ word die eensaamheid en afsondering treffend gesuggereer (Kannemeyer, 1979:24) en ’n meer universele tydsdimensie gesuggereer (Lindenberg, 1956:217-218). Soos Kannemeyer (1979:24) tereg uitwys, slaag Opperman daarin om “met die karigste gegewens ’n hele wêreld op te bou”. Verder bevestig en versterk die streng vorm³⁷ die tema en inhoud van die gedig (Grové, 1958:123-124; Cloete, 1966:94; Kannemeyer, 1979:23-24).

Dit is insiggewend dat “kraaie” die eerste voëls is wat Opperman in strofe een vermeld. In verskeie kulture is die kraai ’n simbool van onheil en word ook spesifiek as “onrein”³⁸ of “onedel” (Cloete, 1966:94) beskou. Hierdie “onheil” word dan tereg bevestig in die twee-reël-slotstrofe wat oor die mens handel. Daarbenewens is die kraai goed gekies om die ongelukkige enkelingskap van die mens te bevestig en ook om die herhalende metaal-beeld (draad, staal en yster) in te lei. Gegewe die onnatuurlike omgewing van ’n hok of kou, is materiaal vir nesbou sekerlik beperk, maar tog is dié kraaie se gedrag, ook wat nesbou betref, nie onnatuurlik nie. Die swart kraai (*Corvus capensis*) paar lewenslank en selfs in die natuur word draad geredelik gebruik as materiaal vir nesmaak (Maclean, 1985: 480; Ginn *et al*, 1989:455). Volgens Ginn *et al* (1989: 481) word draad ook dikwels deur die witborskraai (*Corvis albus*) ingespan om nes te bou.

In die tweede strofe word verwys na “rooivinke” en “wildepou”. Die rooivink (*Euplectes orix*) is ’n klein vinkspesie wat algemeen oor die hele Suid-Afrika voorkom (Maclean, 1985:733-734; Newman en Newman, 2010:456). Die mannetjie is in sy swart en bloedrooi broeidrag opvallend en onmiskenbaar. Hierdie vink word inderdaad geassosieer met vleilande en riviere waar hulle in die riete nesmaak. Hulle is poligamies en in die nie-broeiseisoen word hulle dikwels in swarms van honderde voëls aangetref. Teenoor die rooivink staan die wildepou. As een woord geskryf, kan dit nie in hierdie gedig verwys na die (Indiese) pou (*Pavo cristatus*) wat in Suid-Afrika slegs as mak pronkvoël geken word nie – anders as wat Spies (1992:147) en Cloete (1966:94) goedskiks in hulle onderskeie besprekings van hierdie gedig aanvaar. Bo en behalwe die ironie en geladenheid wat die “wilde” in wildepou inhou,

³⁶ Die fragment “Hebban olla vogala nestas hagunnan hinase hic anda thu, wat unbidan we nu?” is van die oudste Oudnederlandse tekste en oënskynlik ’n gedeelte uit ’n liefdesvers – wat die ironie verder versterk.

³⁷ Die strofes volg ’n streng patroon van 2 reëls, 4 reëls, 4 reëls en weer 2 reëls.

³⁸ Kyk Levitikus 11:15 en ook Deuteronomium 14:14.

gegewe die dieretuin se staalkou, verwys “wildepou” (as ’n selfstandige naamwoord) in ’n kultuur-historiese konteks na ’n groep voëls wat behoort tot die familie *Otididae* (Prozesky, 1964:103; WAT XII, 2005:491) wat die gompou (*Ardeotis kori*), veldpou (*Neotis denhami*) en/of Ludwigse pou (*Neotis ludwigii*) insluit. Teenoor piepklein rooivinke (wat maar tussen 12 en 13 sentimeter lank is en met ’n massa van slegs 20 tot 26 gram (Maclean, 1985:733)), is wildepoue reuse. As die grootste van die wildepoue, kan die gompou tot 1.5 meter lank wees en tot 19 kilogram weeg (Maclean, 1985:206)).³⁹

Die kontraste tussen die vink en die wildepou is opvallend, naamlik wat betref grootte, kleur, gewoontes en habitat. Tog, ten spyte van hulle verskille, broei die poue en die vinke in hierdie onnatuurlike omstandighede steeds (suksesvol) hulle eiers uit. Daar is ook ander opvallende ooreenkomste: in die broeiseisoen paar hulle af en poligamie kom by sowel wildepoue as rooivinke voor. In die nie-broeiseisoen kom hulle in groter groepe (wildepoue) of swerms (rooivinke) voor (Maclean, 1985: 206-208 en 733-734). Die kontraste en daarmee die suggestie van verskeidenheid wat in strofe twee voorkom, word in strofe drie voortgesit waar dit handel oor “ape” en “waterbokke”, oftewel ’n klein primate teenoor ’n groot boksoort. Opvallend is die progressie van voël na soogdier en dan die mens (Grové, 1958:123).

Opsommenderwys is dit weer eens duidelik dat die voëls en diere wat Opperman in hierdie gedig vermeld, versigtig gekies is om die onderliggende tema van die gedig wesenlik te versterk en bevestig.

4.2.3 “Edms. Bpk.”

“Edms. Bpk.” is die eerste, asook die titelgedig, in Opperman se agtste bundel, *Edms. Bpk.*, wat in 1970 gepubliseer word. Hierdie gedig is sekerlik ook een van sy bekendste en beste verse.

“Edms. Bpk.” is eerstens die afkorting wat gebruik word wanneer daar verwys word na ’n sogeneemde “privaatmaatskappy” in terme van die Maatskappywet.⁴⁰ Uiteraard is daar ook ’n teenstrydigheid en ironie in die gebruik van “bpk.” as afkorting en spesifiek “beperk” naas “eiendom”. Uit ’n juridiese oogpunt is eiendomsreg immers die sterkste saaklike reg en bykans “onbeperk” in die normale gang van sake (Van der Merwe, 1989:169). Maar vir ’n

³⁹ Die gompou is die swaarste vlieënde voël ter wêreld (Prozesky, 1964:104; Ginn *et al.*, 1989:211).

⁴⁰ Kyk die ter saaklike definisies in artikel 1 van die huidige Maatskappywet 71 van 2008 en artikel 1 van die herroepe Maatskappywet 61 van 1973 en dié se voorganger Wet 46 van 1926. Laasgenoemde wet was uiteraard van krag ten tye van die skryf van hierdie gedig en die publikasie van die bundel *Edms. Bpk.* in 1970.

digter wat worstel met die mens se tydelikheid en die beperktheid van aardse besit, versinnebeeld die gedig “Edms. Bpk.” hierdie futiliteit en beperktheid op beknopte wyse. Die gebruik van afkortings is verdere bevestiging van die gestroopdheid in vorm wat ook die onderliggende tema treffend ondersteun (Grové, 1974f:187). Hierdie gedig lui soos volg:

Edms. Bpk.

Ek het ’n stukkie grond gekoop
met melkhout op; dit afgekamp
en teen die hek ’n naam geverf
sodat verbygangers besef:
Dis Dirk se erf.

Janfiskaal sit op my melkhoutboom,
sit op ’n kruin, sit op ’n rots,
en proklameer in sy lied
soggens en saans luidkeels:
“Dis my gebied.”

Bakkapel glip uit my melkhoutbos,
verby die kruin, verby die rots,
en teken op sandkolle waar hy kom
oral in ouderwetse skrif:
“Alles ... alles my eiendom.”

Die strofes is eenders gekonstrueer in ’n vaste vorm, met onderling korresponderende versreëls en ritmiese frases (Cloete, 1974c:189).

Soos die frase “Dirk se plek” in die slotreël van die eerste strofe suggereer, handel hierdie gedig outobiografies oor Opperman se aankoop van sy eiendomme in Franskraal. Opperman het sy eerste eiendom op dié vakansiedorp langs die Suid-Kaapse kus in 1958 aangekoop en die tweede in 1964 (Kannemeyer, 1986:298; 1994:48). Hier het hy ’n groot siersteenhuis laat bou wat vroeg in 1965 voltooi is en waaraan hy die naam “Bieblebom” gee (Kannemeyer, 1986:362-363).⁴¹ Die verwysing na die melkhoutboom (*Sideroxylon inerme*) is ’n aanduiding dat dit hier gaan om die Franskraal-eiendom (Nortjé, 2011:61). Melkhoutbome het ’n beperkte verspreidingsgebied al langs die ooskus van Suid-Afrika, maar kom algemeen aan die Suid-Kaapse kus voor (Palgrave, 1977:722; Van Wyk *et al*, 2000:288).

In die tweede strofe word daar verwys na die “janfiskaal” (*Lanius collaris*). Op dieselfde wyse wat die gebruik van die naam “laksman” in “Bulawayo” (uit “Shaka” in *Heilige beeste*)

⁴¹ Volgens Kannemeyer (1986:363) het hy by geleentheid ook daarn verwys as ’n “Taj Maria” – ’n verspeling van die bekende “Taj Mahal” wat later in die vers-in-woording “Die goue snip van Afrika” op speelse wyse vermeld word – kyk 4.2.7 hieronder.

Shaka se gedrag uitstekend verwoord,⁴² is die benaming vir dieselfde voël in “Edms. Bpk.” nou tereg “janfiskaal” - opsigself insiggewend. Soos Prozesky (1964:178) dit stel: “Hulle vrees geen ander voëls nie. Hulle is die heersers in die gebied waarin hulle woon.”⁴³ Hulle sit graag op die hoogste toppie van ’n boom of ander uitkykpunt en bespied die omgewing rondom hulle vir prooi (Prozesky, 1964:178; Maclean, 1985:642). Die term “fiskaal” beteken ook “wateropsigter” by besproeiingskemas (VAW, 2010:266) en beskermer van die staatskas (Van Wyk, 2003:116); en in Nederlands verwys “fiskaal” na ’n regterlike amptenaar wat na die belange van die staatskas omsien en “fiscaal” verwys na die owerheid se belastingsake (Endepols, 1931:277). Die naam “fiskaal” versterk dus aan die een kant die formaliteite wat regtens gepaard gaan met die konsep “eiendomsreg”, maar dien ook – in skrilte kontras – as simbool van die dood. In hierdie rol as moordenaarvoël (“laksman”) verskuif die klem na die futiliteit van die konsep “eiendomsreg” op menslike vlak, die sentrale tema van hierdie gedig (en ook van die bundel). Laastens, janfiskale is territoriaal en sal ander janfiskale uit hul gebied verwilder.⁴⁴ Dit bevestig ook die tipies menslike beskouing van “privaat”-eiendom, maar komende van die laksman is die ironie skreiend.

Die bakkapel (*Naja nivea*), ook bekend as Kaapse kobra, koperkapel en geelslang (FitzSimons, 1970:158), kom redelik algemeen in die Weskaap voor en is veral algemeen in fynbos en kusbos (FitzSimons, 1970:159). Volgens Kannemeyer (1990:218) is die janfiskaal (synde ook die “laksman”) simbool van die dood en die slang (bakkapel) die simbool van die duiwel. Hulle spreek die laaste woord in ’n wêreld van toenemende regressie: die “melkhout” (strofe 1) word “melkhoutboom” (strofe 2) en dan “melkhoutbos” (strofe 3). Die regressie is ook ekologies waarneembaar – van mens (strofe 1), voël (strofe 2) tot reptiel (strofe 3). Al drie eien die grond toe (Nolte, 1994:119) – die mens deur te “koop” en “af te kamp”, die voël deur “luidkeels” in ’n “lied” te “proklameer” (opsigself ’n formele regshandeling) en die slang “teken” in “ouderwetse skrif” (wat tipies in ou aktes te vinde is). Die beelding is treffend ironies.

Die gebruik van aanhalingstekens ten aansien van “Dis my gebied” en “Alles ... alles my eiendom” teenoor “Dis Dirk se plek” wat heel tentatief sonder aanhalingstekens gebruik

⁴² Kyk 4.2.1.3 hierbo.

⁴³ M.M. Walters se gedig “Janfiskaal” (Opperman, 1975:405) verwoord ook hierdie tipiese kenmerke op treffende wyse.

⁴⁴ Wat territoriale gedrag by voëls betref, haal Welty (1982:264) die volgende 1905-gedig van Joel Peters aan:
Possession making law, in instinct’s mind,
a bird will mark his boundaries with song:
And seldom will the rivals of his kind,
ignore his claims, and fight to do him wrong.

word, verskerp ook die ironie en die beeld van verganklikheid van besit vir die mens. Verder is die stukkie grond “afgekamp” en is daar ’n hek met “’n naam geverf”. Die begrip “afgekamp” suggereer dat die grens deurdringbaar is, die laksman kan maklik daarvoor vlieg en die slang kan onderdeur seil. Die konsep “’n naam” is ook baie meer tentatief as “my naam” (Cloete, 1974c:190).

Soos Grové (1974f:187-189) aantoon, is die beperktheid van die mens (as individu, as digter en as volk) se aardse besit die grondmotief, nie net van hierdie gedig nie, maar van die hele bundel. Daar is ’n saaklikheid en ’n dringendheid aan hierdie gedig (wat ook verder nagespoor kan word in die bundel as geheel), dog die gedig is kunstig gekonstrueer (Cloete, 1974c:189). Die “janfiskaal” speel ’n sleutelrol om die tema van hierdie gedig toe te lig. “Edms. Bpk.” is in ’n sin ’n voorloper vir die treffende “Ou Taai koen” uit die sewende rol van *Komas uit ’n bamboesstok* (Nolte, 1994:120). In hierdie gedig word die eiendomsbegrip weer eens aangespreek; maar nou is dit duidelik: “hy besit geen vaste eiendom/ van aarde, son, die lug of see – / alles was tydelik geleen aan hom” en met die slotreëls “- eiendom/ teruggegee/ aan die groot eiendom” word die mens se nietigheid en tydelikheid en die sinloosheid van “eiendom” tot die uiterste gevoer en bevestig. Teenoor die vroeëre opstandigheid in “Edms. Bpk.”, is daar nou ’n gelate aanvaarding.

4.2.4 “*Strelitzia en jangroentjie*”

Soos verskeie gedigte uit Opperman se negende (en laaste) bundel, *Komas uit ’n bamboesstok* (1979), asook in sy hele oeuvre, hou “*Strelitzia en jangroentjie*” tematies verband met die verhouding tussen man en vrou. Hierdie gedig, uit die derde rol, lui soos volg:

Strelitzia en jangroentjie

A, my strelitzia,
ek peil
van omhoog
na jou
groen vertikaal
tussen die blare
kaal:
knak die reënboogpeul,
die heuning oop
in kloof van kleur en geur.

Toe, toe!
jy is nog jonk!
Dis nie vir kyk en ruik
maar vir gebruik.

Soos in baie van die ander gedigte in hierdie bundel is daar ook in hierdie gedig baie bepaalde outobiografiese elemente te bespeur. Die gedig herinner ook sterk aan van Opperman se vroeëre gedigte, “Naaldekoker” (*Heilige beeste*) en “Nagstorm oor die see” (*Negester oor Ninevé*) waarin die voorplantingsdaad as metafoor ingespan word vir die skeppingsdaad as digter (Steenberg, 1971:165). Anders as in laasgenoemde twee gedigte waar die seksdaad met subtiliteit gesuggereer word, is die aanslag in “Strelitzia en jangroentjie” baie meer direk en dringend. Dit is ook anders as “My appelliefie van Inchanga”, uit die eerste rol, waar die liriese subjek (Opperman, weer eens outobiografies gegewe die spesifieke plekverwysing) op speelse manier omgaan met (sy eie) ontluikende seksualiteit.

Opperman gebruik die jangroentjie (*Nectarinia famosa*), wat slegs in die titel vermeld word, op heel onsubtiele wyse as fallus (dit wil sê simbool vir die man). In broeidrag het die jangroentjie-mannetjie ’n onmiskenbare glansende, metaalgroen-kleur en ’n lang stert (McLachlan en Liversidge, 1978:537). Die snawel is lank, dun en gekrom sodat dit met gemak in groter blomme ingestek kan word ten einde nektar uit die blomkelk op te suig⁴⁵ of om die blomstam stukkend te prik om by die nektar uit te kom (Austin, 1961:278; McLachlan en Liversidge, 1978:536). Die jangroentjie is ’n aggressiewe voëltjie, wat luidkeels sy teenwoordigheid van ’n prominente pos af verkondig en wat ander suikerbekkiespesies, en tydens die broeiseisoen ook ander jangroentjiemannetjies, driftig verjaag (Austin, 1961:279; McLachlan en Liversidge, 1978:537; Ginn *et al*, 1989:627).

Teenoor die (manlike) voël in die gedig staan die strelitzia-blom as simbool van die vroulike, maar in ’n sin ook die koninklike. Die strelitzia (*Strelitzia reginae*), in Engels ook bekend as “Bird of paradise flower”, is ’n inheemse struik (Perry, 1976:247) wat algemeen aangeplant word as ’n sierstruik in Suid-Afrikaanse tuine as gevolg van die veelkleurige en eiesoortige blomme.

Hierdie gedig sinspeel op Opperman self. Na sy siekte, wat ook sy geslagsorgaan aangetas het (Spies, 1981:410), moes hy weer van voor af leer om sekere dinge te doen en moes hy die lewe in sekere opsigte herontdek, soos die “groentjie” in die naam “jangroentjie” inderdaad ook suggereer. Dit is ’n tema wat ook later in die sesde rol aangespreek word in “Glaukus klim uit die water” en “My Pappa vra lastige vrae”. In “Strelitzia en jangroentjie” is daar

⁴⁵ McLachlan en Liversidge (1978:536) meld die volgende in verband met die suikerbekkie-familie (*Nectariniidae*): “All of them have long, more or less curved bills, strong and finely pointed for the purpose of puncturing flowers to get to the nectar when this cannot be extracted from the front, and the tongue is hollow, long and can be protruded for some distance.”

elemente van onbeholpe adolessente drif wat sin maak in die konteks van iemand wat ook seksualiteit op nuut moet (her)ontdek. Spies (1981:412) meld tereg dat hier geen teerheid is nie, die daad grens aan die gewelddadige (soos af te lei uit die woord “knak”), “sonder omhaal en tydsverkwisting”. Dit versterk die aspek van jeugdige onbeholpenheid wat dalk eerder in die eerste as derde rol, wat veel meer handel oor die “verwikkelde grootmensjare”, tuis hoort (Spies, 1981:413).

Daar is sterk manlike beelde soos “Jan” (in jangroentjie), “peil” en “groen vertikaal” en sterk vroulike beelde soos “reënboogpeul”, “oop” en “kloof” (Spies, 1992:411). Die reënboog, wat te siene is in die veelkleurigheid van die strelitzia-blom, is ’n simbool vir genade en vrugbaarheid en is ook veel vroeër as sodanig deur Opperman gebruik in “Reën in die Bosveld” in *Heilige beeste* (Spies, 1992:36) en bevestig in beide gevalle primêr aardse seksualiteit.

Die jangroentjie word ook vermeld in “I Herfs” uit “Grondstowwe by die siklus van seisoene”, ’n gedig-siklus in die sewende rol van *Komas uit ’n bamboesstok* waarin aardverbondenheid weer ter sprake kom, maar nou in ’n liriese lofsang (Spies, 1992:261). In hierdie lofsang oor Stellenbosch is die kleurspel opvallend en is daar ook vele seksuele innuendo’s.⁴⁶

4.2.5 “Koggelbos”

Hierdie gedig uit die vierde rol van *Komas uit ’n bamboesstok*, herinner sterk aan ’n tipiese koorsdroom en die verwysings na “narokkong” en die “naboom” sluit in hierdie konteks direk aan by Sangiro⁴⁷ se skets “Koors” (Kannemeyer, 1990:222). Soos wat Sangiro dit meesterlik regkry om die ylende malarialyer se drogbeelde en vrese te verwoord, kry Opperman dit ook reg om die koorsagtigheid en herhalende drogbeelde tydens sy ernstige lewersiekte te verwoord.

⁴⁶ Net in “I Herfs” word byvoorbeeld verwys na “pieke”, “bye”, “suikerkanne” en “kerse”.

⁴⁷ Andries Albertus Pienaar (1894-1979), wat die skryfwersnaam Sangiro gebruik, maak in 1905-1907 saam met sy ouers die voortrek na Duits-Oos mee. Twee van sy broers sterf aan malaria in die Kilimanjaro-omgewing. Sy skets *Koors* in die bundel *Nuwe Afrikaanse Kortverhale* (sien ook *Die Nuwe Brandwag: Tydskrif vir Kuns en Lettere* (Deel 1, Nr. 2) Mei 1929, 76-79) vertel van die koorsdrome en drogbeelde van ’n sterwende malaria-lyer in die Usambara-omgewing in noordwes-Tanzanië. Sangiro self het ook aan malaria gely en dit het sy gestel vir ’n geruime tyd ernstig ondermyn (http://www.dbnl.org/tekst/scho120pros02_01/scho120pros02_01_0103.php.)

Koggelbos

In die kop se dubbeloë
word elke boom
'n dubbelboom
en boom bo boom op naboom
sit snags narokkong
wat tong en long en long en tong:
'Wie't hierdie bos binnegekom?
Binnegekom?'

En boom na boom boots naboom uit
met narokkong:
'Hy? Gekom? Gekom?'
En van mik na mik
bly Kleinverskrik verklik, verklik
'Die... die... die... die
die... die... diederik... die... die... diederik.'

Die woord “dubbeloë” (strofe 1, reël 1) en “dubbelboom” (strofe 1, reël 3), asook die deurlopende herhaling van woorde (“boom”, “en”, “binnegekom”, “narokkong”, “gekom”, “mik”, “verklik”, “die” en “diederik”) of ommeswaai van frases (“tong en long” en “long en tong”) dra by tot die angs, verwardheid en suggestie van koors. Dit word uiteraard ook gesuggerer deur die titel “Koggelbos”. Kannemeyer (1990:222) meld tereg dat die klankspel in die herhaling die eggo-effek van die koggelende voëlroep uitstekend suggereer. Die oënskynlike “voorsetsel-verwarring” in frases soos “boom bo boom” (strofe 1, reël 4), “boom na boom” (strofe 2, reël 1) en “boots naboom uit” asook die herhalende vraagstellings versterk ook die gevoel van onheil en verwarring. Die “dubbeloë” verwys waarskynlik na Opperman as mens en as digter, en dui vooruit na Glaukus in “Glaukus klim uit die water” wat gedurende die herstelproses weer in staat is om alles “bifokaal” te sien (Spies, 1992:241).

Twee voëls word in “Koggelbos” aangetref, naamlik die “narokkong” en die diederik, oftewel diederikkie (*Chrysococcyx caprius*). Die eerste, die narokkong,⁴⁸ is 'n sentrale element in die skets “Koors” van Sangiro (Sangiro, 1929). Dat dit nie 'n eienaam is nie, maar na 'n voëlspezie verwys, is af te lei uit die Sangiro-skets waar een narokkong se plek in die top van die naboom ingeneem word deur 'n ander een as dit na die volgende boom vlieg (Sangiro, 1929:77). Verder word “narokkong” nie deur Opperman met 'n hoofletter gespel nie, wat ook daarop dui dat dit 'n soortnaam is. Die volgende greep uit die Sangiro-skets verskaf agtergrond oor die aard en gewoontes van 'n “narokkong” (Sangiro, 1929:76-77):

“Snags staan die grillerige swart silhoeëtte van die nabome teen die lug, en op die hoogste toppe sit narok-kong - die ‘swartoog’ - en sy vreemde grieselige skreeue val eentonig

⁴⁸ Die naam “narokkong” is 'n samestelling van “narok”, wat “swart” en “ngong” wat “oog” beteken in Masai. Dit word ook pertinent gemeld in die Sangiro-skets (Sangiro, 1929:76).

en sonder end, afgemeet asof hy meedoënloos die verbygaan van elke sekonde van die nag wil aankondig. Hy pas goed by die naargeestige vorme en die nagtelike stemming van die boom, en hy is die enigste voël wat die naboom liefhet. Narok-kong noem die Ol-Masai hom, om sy onheilvolle swart oë, wat star in die nag uitkyk, asof die gewone belange van die lewe hom nie aangaan nie. Sy krete is kort afgeskeur en ril deur die donker met 'n hoë, musikale en oneindig melankoliese klank, en die hele nag deur is die noot onveranderlik, meedoënloos onveranderlik en tot in die oneindigheid herhaal. Bewaar die arme menslike slagoffer van die laeveld wat veroordeel is om wakend die sekondes van die nag met hierdie fatale begeleiding te tel en die oë op die fronsende swart gedaantes van die duisternis te hou! Wanneer hy lank genoeg op die een boom gesit het, vlieg hy naar die volgende, en 'n ander voël neem sy plek in. Deur die lang ure van die drukkende nag antwoord die krete mekaar, altyd klaagliker en moedeloser vir die menslike oor, en hou eers met die eerste lig op. Wanneer eet hulle - waarvan leef narok-kong? word aan 'n gerimpelde grys nomade, 'n wyse in die weë van die woestyn, gevra. Die antwoord is altyd dieselfde: 'Dit weet niemand nie, hy is 'n voël van die nag.'

'n Moeilike vraag om te beantwoord is: watter soort voël is 'n "narokkong"? Die gedig self gee geen wenke nie, maar die beskrywing van narokkong in die Sangiro-skets gee verskeie eienskappe weer waaruit, indien nie 'n spesie as sodanig nie, 'n voëlsoort moontlik bepaal sou kon word.

In die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT XI, 2000:57) word "narokkong" geïdentifiseer as die "Oostelike heuningwyser" (*Indicator meliphilus*) sonder om te verklaar waarom dit spesifiek hierdie voëlspesie is. Die verspreidingsgebied van hierdie heuningwyser sluit inderdaad die gebied in Oos-Afrika wat deur Sangiro beskryf word, in (Jackson en Sclater, 1938:737; Britton, 1980:107; McLachlan en Liversidge, 1978:317). Daarbenewens het *Indicator meliphilus* vroeër ook bekend gestaan as *Indicator narokensis* (Mackworth-Praed en Grant, 1952:745; Britton, 1980:107; Williams en Arlott, 1980:151; Zimmerman *et al*, 1996:488). Sommige bronne identifiseer dit selfs as 'n subspesie of naverwante spesie, naamlik die Kilimanjaro-heuningwyser (Jackson en Sclater, 1938:737; Britton, 1980:107; Lewis en Pomeroy, 1989:294).⁴⁹ Hoe dit ook al sy, soos die narokkong van Sangiro, het hierdie skaars heuningwyser ook swart (of minstens donkerbruin) oë (Zimmerman *et al*, 1996:488). Alhoewel die mannetjies van sommige heuningwyserspesies 'n "sangpos" of "roepbos" benut (Prozesky, 1964:128-129; Ginn *et al*, 1989:400) van waaraf hulle vir lang periodes roep (Ginn *et al*, 1989:400), is dit waar die ooglopende ooreenkomste met die voël wat Sangiro beskryf en waarna Opperman ook verwys, ophou. Volgens die Sangiro-verhaal is dit duidelik dat 'n narokkong 'n nagvoël is (Sangiro, 1929:76) terwyl heuningwysers slegs bedags aktief is. Die Oostelike heuningwyser is nie nagvoël nie en sy roep word beskryf as 'n "thin, sibilant whistle" (McLachlan en Liversidge, 1978: 317), beslis nie die konstante

⁴⁹ Hierdie heuningwyser is deur voëlkundiges versamel by Taveta en Doiyo Narok in die suide van Kenia en ook in Lusofo in noord-oos Tanzanië (Jackson en Sclater, 1938: 737).

geweeklaag wat Sangiro beskryf nie. ’n Interessante feit is dat heuningwysers parasiterend is en veral houtkappers en spegte as gashere gebruik (Jackson en Sclater, 1938:729), almal voëlsoorte wat in diep gate in bome, waaronder nabome, of grondwalle nesmaak (Austin, 1961:186; Prozesky, 1964:129). Sou narokkong ’n heuningwyser wees, is daar ’n verdere uitsonderlike verband tussen die narokkong en die “diederik” (strofe 2, slotreël), naamlik dat beide op ander voëlspesies parasiteer.

Die narokkong-voël wat Sangiro beskryf en waarna Opperman verwys, het verder ’n noue verband met die naboom, dit wil sê een of meer van die boomspeesies in die *Euphorbia*-familie (Palgrave, 1977:438-453).⁵⁰ Meesal verwys “naboom” na die *Euphorbia ingens* (Van Wyk *et al*, 2000:144). Volgens Sangiro (1929:76) se skets is die naboom ’n “onheilsboom”, wat giftig is en die lewe haat. Inderdaad is nabome giftig (Palgrave, 1977:438 Van Wyk *et al*, 2000:144) en dra die herhaalde naboom-verwysings in Opperman se gedig moontlik by tot die siektetema – as verwysing na die digter se deur “Roxy”-vergiftigde liggaam.⁵¹

Die beskrywing van narokkong as ’n voël wat heelnag in die nabome sit, suggereer ’n voël wat beslis deels boomlewend is. Hiermee word ’n verskeidenheid nagvoëls wat grondlewend is, waaronder die dikkoppe (McLachlan en Liversidge, 1978: 196-197)), drawwertjies (McLachlan en Liversidge, 1978:197-200) en meeste naguilspesies (Austin, 1961:162-163; McLachlan en Liversidge, 1978:265) uitgesluit. Daarbenewens het min van die voëlspesies in die vermelde families swart oë, alhoewel meeste naguile donkerbruin oë het (Maclean, 1985:354-359). Naguile kan vir lang tye in die nag roep (Prozesky, 1964:18), maar geen naguilspesie het ’n roep wat enigszins na ’n onaardse skreeu klink nie. Die mees waarskynlike soort nagvoël wat oorbly, is een van die verskeie uilspesies. Slegs enkele uilspesies wat in die Usambara-gebied in noord-oos Tanzanië voorkom, het swart oë.

Die mees waarskynlike spesie, wat in hierdie omstreke inderdaad met nabome geassosieer word (Jackson en Sclater, 1938:631; Hockey, 2012), is die nonnetjie-uil (*Tyto alba*).⁵² Hierdie

⁵⁰ Interessant is dat Opperman ook in enkele ander gedigte na bome of struik behorende tot die *Euphorbia*-familie verwys, naamlik die noorsdoring in “Heilige beeste” (*Heilige beeste*) en die vingerpol (*Euphorbia caput medusae*) in “Borrel” (*Heilige beeste*).

⁵¹ Vgl “Vergiftig deur Roxy” uit die derde rol van *Komas uit ’n bamboesstok*, asook Kannemeyer (1986:387). Roxy is ’n middel wat vir Opperman voorgeskryf is vir ’n velaandoening. Indien dit saam met alkohol gebruik word, kan dit ernstige newe-effekte hê.

⁵² Jackson en Sclater (1938:632) meld met verwysing na die nonnetjie-uil dat ’n broeipaer in Wetu “occupied a hole in a large tree in the forest” en dat “even in such uninviting country as the Taru wilderness between Samburu and Maunga Stations; here it no doubt spends the day in the shady recesses of the *Euphorbia candelabrum* which at certain seasons are the only specks of green that stand out in the otherwise grim, grey, parched, monotonous and apparently blasted waste ...”

uilspesie word, soos meeste of alle uile, beskou as 'n simbool van onheil en selfs die dood. In die geval van die nonnetjie-uil is hierdie bygeloof direk herleibaar na die onaardse skreeu-geluid wat dit uiter (Williams en Arlott, 1980:110; Zimmerman *et al*, 1996:440).⁵³ Alhoewel die roep van hierdie uil in beginsel 'n “narokkong-skreeu” kan wees, is die herhalende groep oor lang tydperke in die nag nie kenmerkend van nonnetjie-uile nie.

Waarskynlik moet die aanhoudende geskreeu nie letterlik verstaan word nie en bloot verstaan word in die konteks van die koorsaansval van die arme Dolfie, die slagoffer in die Sangiro-verhaal. In die Sangiro-verhaal word die narokkong op die ou end vasgevang in 'n spinnekopweb en wil Dolfie, wat self magteloos en reeds te verswak is, die “sterwende voël” wat sy lewe “uithyg”, red (Sangiro, 1929:79). Weer eens, indien Dolfie se hallusinasies letterlik vertolk moet word, kan 'n narokkong beswaarlik 'n uil of naguil wees. Dié voëls is eenvoudig te groot en sterk om in 'n web verstrengel te bly. Daarteenoor is die Oostelike heuningwyser baie klein (Williams en Arlott, 1980:151) en sou moontlik in 'n web vasgevang kon word.

'n Derde moontlikheid is dat die narokkong, soos die feniks,⁵⁴ bloot 'n mitiese voël is wat teruggespeur sou kon word na die Masai-folklore, waarmee Sangiro uiteraard vertrou was. Watter soort voël ook al, Opperman se narokkong suggereer dieselfde vreesaanjaende kenmerke wat Sangiro in sy skets so treffend beskryf het.

Die verwysing in die slotreëls na die “diederik” is natuurlik 'n wonderlike woordspel in hierdie sterk outobiografiese gedig, aangesien die voël naam ook die eerste naam van die digter is. Die digter en persoon “Diederik” Opperman kan in die konteks van die bundel se tematologie beslis geassosieer word met die diederik. Die diederik is 'n trekvoël; besonder gepas in die konteks van Opperman as Marco Polo-reisiger wat noord-ooswaarts reis (in 'n Suid-Afrikaanse konteks) en (nou) weer teruggekeer suidwaarts. Diederikke daag in die laat lente (einde-September of vroeg-Oktober) uit sentraal-Afrika in Suid-Afrika op (McLachlan en Liversidge, 1978:251; Newman en Newman, 2010:), dieselfde tyd waarop Opperman in 1977 begin herstel (Kannemeyer, 1986:403; Spies, 1992:157). Anders as 'n voortsetting van narokkong se gekoggel wat siekte, koors en selfs die naderende dood simboliseer, is hierdie eggo-roep (“die-die-diederik”) van die diederik, wat 'n onomatopee is, simbolies van 'n nuwe

⁵³ McLachlan en Liversidge (1978:255) vermeld die volgende oor die nonnetjie-uil se roep: “Idle superstition is responsible for the death of many of these birds because of their eerie calls; it is believed that a death will occur in a house if a Barn Owl calls on the roof, hence the Afrikaans name ‘Doodvoël’.”

⁵⁴ Die feniks figureer herhaaldelik in Opperman se vroeë gedigte – kyk “Phoenix” (*Heilige beeste*), “Vuur” en “Rooi voël, wit voël” (*Negester oor Ninevé*) en “Silwerlinge” (*Joernaal van Jorik*).

begin – Opperman se ontwaking uit ’n koma en ’n nuwe era van menswording en hergeboorte as digter.

Weg is die haas onsterflike “Dirk der duisende”⁵⁵ en hier is die ontredderde klein koekoek, ’n parasiterende voëlspesie wat dikwels tydens vertoonvlugte deur kleiner voëlspesies (veral gasheerspesies) verpes en verjaag word. Hierdie tipiese gedrag word by verskeie koekoekte aangetref. In die geval van diderikke, is dit tipies mossies en vinke (McLachlan en Liversidge, 1978:251; Ginn *et al*, 1989:325) wat diderikke probeer verdryf. Hierdie “diederik” wys reeds heen na die nederige mens en digter wat aan die einde van die sesde rol ter sprake kom, maar meer bepaald in die sewende rol van *Komas uit ’n bamboesstok* na vore tree.

4.2.6 “’n Mirakelspel: Wie’t Mossie doodgemaak?”

Hierdie gedig, uit die sesde rol van *Komas uit ’n Bamboesstok*, is ook besonder outobiografies. Die spesifieke plasing van hierdie gedig in die bundel dui op die moeisame herstel (as mens en digter) en ’n nuutgevonde nederigheid (Spies, 1992:185). Dit lui soos volg:

’n Mirakelspel: Wie’t Mossie doodgemaak?

‘Ek,’ honk Pikkewyn,
 ‘deur oormaat van wyn.’
‘Ek,’ fluit Neef Vink,
 ‘deur roxy te skink.’
‘Ek,’ mommel Gompou,
 ‘deur oormaat aan vrou.’
‘Wag! Wag!’ simbaalslag Fiskaal,
 ‘dis die toetentaal,
 en dis nou finaal.’
Toe orkes al die Voëls:
 ‘Deur alles begoël,
 deur alles begoël.’
Toe ‘boe! boe!’ Maraboe
 en uit die punte van haar vurk
 flirts mossie penorent: dirk-dirk!

Reeds in die titel lê heelwat verskuil. Eerstens gaan dit hier om ’n “mirakelspel”. Bo en behalwe die vooropgestelde tema van ’n “mirakelagtige terugkeer” (’n reis) van Opperman as mens en as digter wat reeds op die titelblad van die bundel ter sprake kom (Spies, 1992:166-167), het “mirakelspel” ’n baie bepaalde betekenis. Mirakelspel verwys baie direk na die

⁵⁵ Inderdaad word in “Dirk der duisende” fyn gespot met Marco Polo en met homself – kyk Spies (1992:182).

middeleeuse toneelvorm waarvan *Mariken van Nieumeghen* uit die 16^{de} eeu die bekendste is.⁵⁶ Die Heilige (moeder) Maria en ander heiliges speel dikwels ’n deurslaggewende rol in die ontknoping van ’n verhaal waarin die hoofkarakter eers in goddeloosheid verval en dan, na inkeer, deur ’n proses van wedergeboorte geheilig word – kortom: ’n verhaal oor ’n goddelike wonder (Spies, 1992:172). Beslis is dit van groot belang in hierdie Opperman-gedig, veral omdat daar ’n subtiele verwysing is na die Rooms-Katolieke non wat Opperman as jong seun verpleeg het toe hy maagkoors gehad het (kyk hieronder). Daarbenewens is “Marié”, Opperman se vrou, en “Mariken” ook bykans dieselfde naam. Die keuse van ’n “mossie” as onderwerp is ook fyn gekies. Eerstens is daar die bybelse konnotasie om ’n mossie as simbool vir iets wat net ’n geringe waarde het, aan te dui (“twee mossies vir ’n stuiwer”)⁵⁷ asook die bekende Afrikaanse idioom “so dood soos ’n mossie” wat weer dui op die mirakel van Opperman se oorlewing nadat hy deur sowel die medici as van sy vriende vir dood opgegee is. Die gedig handel derhalwe oor veel meer as net die moontlike oorsake vir Opperman se siekte.

Ten spyte van die speelse, bykans kinderlike eiename vir die voëls asook die rympatroon wat deurgaans gevolg word, is die voëls wat by name genoem word, nie bloot gekies vir doeleindes van rym nie. Daarvoor is Opperman uiteraard heeltemal te vernuftig. Die volgende voëls word deur Opperman by name as aanklaers ingespan: Pikkewyn, Vink, Gompou, Fiskaal en Maraboe. Met hoofletters gespel is hierdie eiename. Dit simboliseer ’n besonder hegte gebondenheid. In die konteks van voëlverwysings is pikkewyn en vink voëlsoorte aangesien daar in beide gevalle verskeie moontlike spesies ter sprake kan wees. Vir doeleindes van hierdie vers is die bepaalde pikkewyn of vinkspesie nie relevant nie – soos hieronder sal blyk.

Pikkewyn is stellig gekies as ’n terugverwysing na een van die belangrike vroue in Opperman se lewe, dit wil sê Suster Sinte Josef wat Opperman verpleeg het toe hy as jong seun in die hospitaal was met maagkoors (Kannemeyer, 1986:32). Sy word vroeër gesuggereer in “Ounon” (*Engel uit die klip*) asook in strofe 1 van “Drie juwele” in die derde rol van *Komas uit ’n bamboesstok* waar sy as die skone en reine uitgebeeld word (die sleutels “maagkoors” en “kruis aan die gordel” is vanselfsprekend), wat “my uit die bos ontluis” het, “my hare kortgeknip” het en “my skoon geskrop” het. Sy was in vele opsigte ’n reinigende invloed, want aan haar gordel hang “’n Kruis”.

⁵⁶ Opperman was goed onderlê in Middelnederlandse letterkunde (Kannemeyer, 1986:32), soos ook blyk uit “Vloervelletjie” (*Dolosse*) wat gebaseer is op *Van den vos Reinaerde* (Kannemeyer, 1990:216).

⁵⁷ Kyk Matthéüs 10:29; of selfs vyf mossies vir net twee stuiwers (Lukas 12:6).

“Neef Vink” is een van verskeie moontlike geelvinkspesies. Gegewe Opperman se jarelange verblyf in die suid-Kaap, is dit waarskynlik die Kaapse wewer (*Ploceus capensis*) wat algemeen in dié Stellenbosch-omgewing voorkom (Maclean, 1985:723). Hier gaan dit beslis om die voël se helder geel kleur. Aangesien “Roxy” spesifiek vermeld word as dié oorsaak van Opperman se 1977-siektetoestand, sluit hierdie verwysing uiteraard nou aan by “Vergiftig deur Roxy”, die tweede laaste gedig in die derde rol van *Komas uit ’n bamboesstok*, waar die kleur geel (die kleur van Opperman se lewersiekte) ook ’n prominente rol vervul – soos deurgaans in die bundel om die siektemotief aan te dui (Spies, 1981:426; Nel, 1989:158).⁵⁸

Die gompou (*Ardiotis kori*) is ook nie gekies bloot om met “vrou” te rym nie. Hier is moontlik ook sprake van ’n terugverwysing na die “wildepou” van “Ná ’n besoek aan die dieretuin”, een van Opperman se bekendste gedigte (soos hierbo bespreek) en wat handel oor die verhouding tussen man en vrou in die “groot stad”-konteks. Die woord “mommel” is oënskynlik ’n neologisme (’n woord wat Opperman self geskep het), iets wat in verskeie Opperman-gedigte aangetref word (Van Heerden, 1974c:238). Dit is bedoel om klanknabootsend te wees vir die diep, dreunende, “oem-oem-oem”-paringsroep van die gompou-mannetjie (Sinclair en Davidson, 1995:84, asook Prozesky, 1964:107; McLachlan en Liversidge, 1978:153). Benewens die roep, is die mannetjie-gompou se hofmakery waartydens hy sy keelsakke opblaas om die wit vere te vertoon, die nekvare en kuif uitstoot, die vlerke effe oopsprei en laat hang terwyl die stertvere oor die rug geboog word (Prozesky, 1964:107; McLachlan en Liversidge, 1978:153; Ginn *et al*, 1989:211), iets heel besonder. Die gompou is ’n besonder groot voël wat moontlik ook in die konteks van ander Opperman-gedigte oor seksualiteit en die seksdaad, waaronder “Reën in die Bosveld” (*Heilige beeste*) en “Nagstorm oor die see” (*Negester oor Ninevé*), na die manlike geslagsorgaan kan verwys (Spies, 1992:36).

Die volgende voël wat by name ter sprake kom, is “Fiskaal” (*Lanius collaris*), oftewel “Fiskaallaksman” (Maclean, 1985: 641; Sinclair en Davidson, 1995:246; Newman en Newman, 2010:412). Hierdie voël is ook deur Opperman in “Shaka” (*Heilige beeste*) en “Staking op die suikerplantasie” (*Blom en baaierd*) as “laksman” en in “Edms. Bpk.” (*Edms. Bpk.*) as “Janfiskaal” beskryf. In hierdie gedig, soos ook in “Edms. Bpk.”, is dit weer eens die “fiskaal” wat na vore tree, dit wil se die regterlike amptenaar wat die finale, veroordelende

⁵⁸ Nel (1989:158) wys daarop dat die kleur “geel” dertien keer in *Komas uit ’n bamboesstok* vermeld word. Dit is straks toeval, maar in “Geel landskap”, ’n vers-in-wording uit *Sonklong oor Afrika*, word “geel” ook dertien keer vermeld.

woord spreek. Weer eens het Opperman die spesifieke benaming versigtig gekies. Tog suggereer die wete dat die fisikaal ook “laksman” is en as sodanig simbool van die dood, dat Opperman eintlik, deur die kombinasie van al hierdie vergrype, “dood” behoort te wees.

Alvorens die maraboe (*Leptoptilos crumeniferus*) ter sprake kom, koor al die voëls, in ’n dreigende, beskuldigende koor wat sterk herinner aan die paddas in die treffende gedig, “Death of a Naturalist”, van Seamus Heaney (1990:3): “Deur alles begoël, deur alles begoël”. Dit gryp terug na die okkulte en spiritisme, ’n tema wat ook by herhaling in Opperman se bundels ter sprake kom en verwys ook terug na Opperman se vader wat spiritisme beoefen het (Kannemeyer, 1986:24-25), iets wat ook in ander gedigte aangeroei word.⁵⁹ Maar soos Spies (1992:241) aantoon, wys die begoëling ook op die persoonlikheid van die digter, en dat dit die “volheid van lewe; die totale begoëling” is, eerder as slegs enkelvoudige oorsake soos deur Pikkewyn, Vink en Gompou voorgelou (bevestig deur die gebruik van hoofletters wat eiename aandui), wat sy siektetoestand veroorsaak het.

Anders as ander ooievaarspesies, is die maraboe⁶⁰ ’n voël wat hoofsaaklik aas vreet, en derhalwe dikwels in die geselskap van aasvoëls aangetref word (McLachlan en Liversidge, 1978:46). Die maraboe het ’n weersinsekkende voorkoms, met ongeveer nekk en kop⁶¹ en ’n massiewe snawel. McLachlan en Liversidge (1978:46-47) wys daarop dat in Ngamiland (Botswana), maraboes by geslagde karkasse geduld word “either from a feeling of repugnance or superstition”. Soos alle ooievaars, is die maraboe ’n “onreine” voël⁶² asook ’n voël wat meesal stom is (Prozesky, 1964:15; Maclean, 1985: 70). As ’n voël wat met karkasse en aas geassosieer word, is die maraboe hier ’n simbool van die dood en, gegewe die “vurk”-sleutel, selfs die duiwel. Daar is derhalwe ’n element van spookagtigheid en meewaardigheid in maraboe se “boe! boe!” (reël 13), so asof sy (en die gebruik van die vroulik is veelseggend) – as simbool van die duiwel (die “Moenen”-karakter van *Mariken van Nieumeghen*), die laaste sê het. Maar dit is inderdaad “mossie” (“mossie, maar man!”) wat die laaste sê het; nie net oorleef hy die verval en aftakeling deur verskeie oorsake en die beskuldigings van sy aanklaers nie, maar word – soos in die Middeleeuse mirakespel – gered en geheilig. Die sonderlinge vroulike maraboe deur wie verlossing eerder as die dood bewerkstellig word, is straks ’n bedekte verwysing na Opperman se vrou, Marié, wat op die stadium wat die medici

⁵⁹ Vgl onder andere “Séance” uit die “Brandaan”-siklus (*Engel uit die klip*).

⁶⁰ Verskeie gedigte oor die maraboe verskyn ook uit die pen van ander Afrikaanse digters, waaronder Ina Rousseau, Johann de Lange en Johann Lodewyk Marais.

⁶¹ Soos in die geval van aasvoëls, bied die ongeveer nekk en nekk beskerming teen bakterieë wat uiteraard voorkom in verrottende karkasse aangesien kaal vel makliker as vere skoongehou kan word.

⁶² Kyk Deuteronomium 14:18.

hom ten dode opgegee het, in sy herstel bly glo het en hom bly versorg het (Kannemeyer, 1986:400).⁶³ Tog is hierdie vrou nie net verantwoordelik vir die opbou nie, maar was ook deel van die aftakelingsproses (Spies, 1992:223). Dit blyk ook duidelik uit die mediese spesialis se beskuldiging in “Tygerberg”, uit die vierde rol.

In die slotreël “flirts mossie penorent: dirk-dirk!”. Soos in “Koggelbos” eindig hierdie gedig ook met ’n verwysing na Opperman by name. Laastens is daar naas die biologiese proses uiteraard ook ’n poëtiese proses van herstel ter sprake (Spies, 1992:167).

4.2.7 “Die goue snip van Afrika”

Hierdie vers-in-wording, uit die bundel-in-wording *Sonklong uit Afrika* (Kannemeyer, 2000: 138-139), handel oor die goudsnip (*Rostratula benghalensis*). Die goudsnip is besonder skaars in KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap (Harrison *et al*, 1997: 372-373). Opperman het hierdie spesie waarskynlik weer, of eerder, in 1981 in Malawi, waar dit redelik algemeen voorkom, teëgekom.

Kannemeyer was verkeerdelik onder die indruk dat die faksimilee-kopie wat opgeneem is in *Sonklong oor Afrika* (Kannemeyer, 2000:138), die enigste was van hierdie vers-in-wording. In die *Sonklong*-dokumente wat in die Universiteit van Stellenbosch-biblioteek bewaar word, is daar minstens twee (oënskynlik vroeëre) kladversies wat meer sekerheid oor sekere haas onleesbare woorde in die faksimilee-kopie wat in *Sonklong oor Afrika* opgeneem is, verskaf.⁶⁴ Kannemeyer se hantering van hierdie vers-in-wording is inderdaad bevestiging vir die besondere risiko’s wat daaraan verbonde is om ’n digter se onklaar manuskripte te probeer ontrafel en dan te publiseer. Veral aangesien Opperman se handskrif, wat skynbaar altyd moeilik leesbaar was, in die maande voor sy beroerte bykans onontsyferbaar was (Kannemeyer, 2000:29), is die moontlikheid van verkeerde aannames dus wesenlik.

Soos hieronder in meer besonderhede verduidelik word, getuig “Die goue snip van Afrika” van Opperman se intieme kennis van voëls. Dit vertoon ongelukkig ook Kannemeyer se gebrekkige kennis in hierdie verband en hoe hierdie gebrek aanleiding gegee het tot foutiewe aannames ten aansien van wat bepaalde woorde soos dit in die Kannemeyer-weergawe van die vers voorkom, beteken. In die tabel hieronder word die opgetekende Kannemeyer-

⁶³ Die gedig “Tygerberg” in die vierde rol van *Komas uit ’n bamboesstok* handel spesifiek hieroor.

⁶⁴ Hierdie kladversies is deur die navorser opgespoor in die *Sonklong*-dokumentasie tydens ’n besoek aan die US-biblioteek op 19 April 2012. Dit val vreemd op dat Kannemeyer met al die voorbereidende navorsing vir *Sonklong oor Afrika* nie hierdie kladversies raakgesien het nie.

weergawe gestel teenoor die “verbeterde” weergawe van die navorser. Blote kennis van die gewoontes van die goudsnip, asook die bevestiging van onduidelike woorde uit die kladversies (wat hy nie onder oë gehad het nie), sou Kannemeyer kon gehelp het om ’n meer akkurate teks vir hierdie vers-in-wording daar te stel.⁶⁵

Oorspronklike <i>Sonklong oor Afrika</i> -teks	Voorgestelde verbeterde teks
<p>Die Goue Snip van Afrika</p> <p>Tussen die nors moerasse en krullende planteslungels moet hy, tingerige mannetjie, snoesig weggesteek van arende, die koepelnessie, die <i>tjamahalletjie</i> vir die <i>mier</i> (koniese?) eiers bou.</p> <p>Hier kan <i>sy</i> gemaksugtig in ’n hemelbed as ’n gombruid die <i>nie</i>-koninklike eiers uitbroei, sorg vir kuikens en kombuis en altyd welgemoed met waterkriek en -kruik die ewige vier bekke voed.</p> <p>En (<i>hy</i>?) Die veeleisende sorg: van Oosterling te wees, die oë swart mere tussen rooi <i>apis</i> grimmige grimeringe, die sorg vir die vier eiers – bevrug gewaarborg.</p>	<p>Die Goue Snip van Afrika</p> <p>Tussen die nors moerasse en krullende planteslungels moet hy, tingerige mannetjie, snoesig weggesteek van arende, die koepelnessie, die <i>taj mahalletjie</i> vir die <i>vier</i> <i>koniese</i> eiers bou.</p> <p>Hier kan <i>hy</i> gemaksugtig in ’n hemelbed as ’n gombruid die <i>vier</i> koninklike eiers uitbroei, sorg vir kuikens en kombuis en altyd welgemoed met waterkriek en -kruik die ewige vier bekke voed.</p> <p>En <i>sy</i>? Die veeleisende sorg van Oosterling te wees, die oë swart mere tussen rooi <i>en pers</i> grimmige grimeringe, die sorg vir die vier eiers – bevrug gewaarborg.</p>
<p>Notas:</p> <ol style="list-style-type: none"> Die woorde wat in hakies geplaas is met ’n vraagteken, is woorde waarvoor Kannemeyer onseker is. Die “woorde” “tjamahalletjie” (strofe 1) en “apis” (strofe 3) is in konteks niksseggend en dit val vreemd op dat Kannemeyer nie hierdie “woorde” bevraagteken het nie. 	<p>Notas:</p> <ol style="list-style-type: none"> In sowel die faksimilee-weergawe as een van die kladversies skryf Opperman wat eerder lyk na “kroniese” as “koniese” (strofe 1, laaste reël). Gegewe die konteks en ’n uitleg wat eerder dui op “koniese”, het Kannemeyer (2000:139) gelyk dat dit voorkom of Opperman die aanvanklike verskrywing, “r”, gekanselleer het.

Hierdie gedig-in-wording kan gerieflik binne Opperman se gedigte wat direk of indirek oor die verhouding tussen man en vrou handel, geplaas word. In die voëlwêreld is die goudsnip ’n besondere spesie vir ’n verskeidenheid redes: Dit is een van die weinige spesies waar die wyfie groter en meer veelkleurig is as die mannetjie (Ginn *et al*, 1989:222), poliandries is (Austin, 1961:117; Maclean, 1985:216; Ginn *et al*, 1989:222) en waar die mannetjie die eiers

⁶⁵ Foutiewe woorde in die Kannemeyer-transkripsie word in blou kursief aangedui en die korrekte woorde in die voorgestelde teks in rooi kursief.

uitbroei en die kuikens grootmaak (Austin, 1961:117; Newman en Newman, 2010:128). Kortom: Die geslagsrolle is grotendeels omgeruil (Austin, 1961:117; Zimmerman *et al*, 1996:385). 'n Verdere uitsonderlike kenmerk is dat die wyfie bykans altyd vier eiers lê (Zimmerman *et al*, 1996:385) en dat die eiers 'n uniek koniese vorm het (Maclean, 1985:217). Al vier hierdie eiesoortige kenmerke word treffend deur Opperman beskryf, in sommige gevalle met humor en subtiliteit. Die getal “vier” staan sentraal en word inderdaad ook vier keer ingespan.

Eerstens is die titel veelseggend. Eerder as “goudsnip”, die erkende naam vir hierdie voëlspezie, wysig Opperman dit subtiel na “goue snip”. Met “goue” is daar sprake van 'n verhewenheid, moontlik selfs koninklikheid, terwyl die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (1978)⁶⁶ 'n “snip” onder meer beskryf as 'n “[l]ewendige, parmantige, astrante, voorbarige vrou ...”, 'n besonder toepaslike verklaring vir 'n vrou (in dié geval weliswaar die wyfie goudsnip) wat meer as een man het en wat die taak om kinders groot te maak, volledig aan haar mans oorlaat!

In die eerste strofe word die tipiese habitat van die goudsnip akkuraat beskryf. Goudsnippe kom inderdaad voor in moerasagtige gebiede en waterpoele met omringende plantegroei. Ook die beskrywing van die nes wat die “tingerige” mannetjie (wat kleiner is as die wyfie, soos reeds vermeld) bou, is korrek. Die verwysing na die “Taj Mahal” is bykans komies, maar tog van pas. Eerstens verwys dit terug na die “koepelnessie” en tweedens uiteraard na Shah Jehan se ongeëwenaarde liefdesdaad om die mausoleum te bou ter herinnering aan sy mees geliefde vrou (Elliott *et al*, 1990:1079). Die ironie in die metafoor is wonderlik: 'n gebou opgerig deur 'n veelwywer en die nes gebou deur 'n mannetjiegoudsnip vir 'n wyfie wat meerdere mannetjies het! Wat veral opval is dat Opperman 'n menslike handeling (en geskiedkundige feit) as metafoor inspan om die voël se gedrag te verduidelik – in wese 'n antropomorfisme.

In die tweede strofe verwys Opperman na die uitsonderlike gedrag dat die mannetjie die broeiwerk doen en alleen die kuikens grootmaak. Dit is vreemd dat Kannemeyer nie die sleutel in die gebruik van die term “gombruid” krities ondersoek het nie. Die term “gombruid”, eerder as “bruidegom”, is immers 'n redelik duidelike wenk van die “omgekeerde” rolle van die mannetjie en wyfie by hierdie voëlspezie.

⁶⁶ Na alle waarskynlikheid was Opperman in besit van hierdie woordeboek.

In die derde, slotstrofe, is van die woorde besonder onduidelik en derhalwe bestaan daar steeds ’n moontlikheid vir foutiewe aannames. In die konteks van die vers in sy geheel en die wyse waarop Opperman die unieke eienskappe van hierdie voëlspezie aanwend in die vers, handel hierdie slotstrofe egter beslis oor die wyfiegoudsnip en nie die mannetjie soos wat Kannemeyer spekuleer nie. Ondanks haar beperkte rol as ouer, het sy steeds ’n onontbeerlike rol om te vervul vir die spesie se voortbestaan – dit is haar eiers wat bevrug word!

Poliandrie wat skaars is in die diereryk, is ook ’n uiters raar kultuurverskynsel by die mensdom en kom blykbaar slegs voor by enkele groepe in Tibet en Indië (Elliott *et al*, 1990:895). Dit is die oënskynlike rede vir Opperman se verwysing na die wyfiegoudsnip as ’n “Oosterling”. Die wyfiegoudsnip se veelkleurige gesigsmerke lyk inderdaad na swaar grimering! Hier is weer eens sprake van ’n antropomorfisme wat die speelse ironie versterk.

Ten slotte blyk dit inderdaad of hierdie vers-in-wording reeds in ’n bykans voltooide stadium was, veral wanneer die twee kladversies in ag geneem word. Hierdie sou inderdaad ’n baie geslaagde gedig kon wees, wat uitstekend kon inpas by die groot aantal gedigte in sy oeuvre wat Opperman gewy het aan die komplekse verhoudings tussen man en vrou.

4.2.8 “Mahem!”

In “Mahem!”, nog ’n vers-in-wording uit *Sonklong uit Afrika* (Kannemeyer, 2000:136-137), word hierdie besondere kraanvoëlspezie, die mahem (*Balearica regulorum*), op ’n eenvoudige, selfs speelse wyse deur Opperman beskryf. Die Afrikaanse benaming “mahem” is ’n onomatopee⁶⁷ wat die koddige roep van dié statige voël besonder goed naboots (McLachlan en Liversidge, 1978: 151).

Na alle waarskynlikheid het Opperman reeds as kind in die grasvelde van Zoeloeland en tydens die Opperman-gesin se kort verblyf in Memel in die Oos-Vrystaat (Kannemeyer, 1986:28)⁶⁸ met dié mooi voël kennisgemaak, aangesien hierdie spesie steeds redelik algemeen voorkom in die grasvelde van KwaZulu-Natal en die vleilande rondom Memel (Harrison *et al*, 1997:316-317). Dit is egter baie waarskynlik dat Opperman tydens sy reis na Malawi (Kannemeyer, 1986:439; Kannemeyer, 2000:13) op nuut met die mahem kennis gemaak het aangesien hierdie kraanvoëlspezie algemeen in die groot mere-gebied in Oos-Afrika voorkom

⁶⁷ Ook die Sothonaam, *le-Hemu*, Xhosanaam, *Ihem*, en Zoeloenaam, *u-Nohemu* (McLachlan en Liversidge, 1978: 151), is onomatopeïes.

⁶⁸ Tydens die Opperman-gesin se verblyf in Memel (1918-1921) was Opperman nog baie jonk. Hy was maar ses jaar oud toe hulle terug na Natal verhuis het.

(Van Perlo, 1995:222; Sinclair en Ryan, 2003:144).⁶⁹ Dit word ook deur die geografiese verwysings na “mere” en “berge” (in reël 8) gesuggereer.

Volgens Kannemeyer (2000:137) is die basisteks, soos weergegee in *Sonklong oor Afrika*, die “enigste oorgelewerde weergawe van dié teks in ’n duidelike handskrif”. Soos wat die geval is met “Die goue snip van Afrika”, is daar egter ’n bykans identiese kladversie in die *Sonklong*-dokumentasie in die J.C. Gericke-biblioteek wat suggereer die hierdie vers ook na aan voltooiing kon wees.

Mahem!

Almal beskerm hom –
die vreemdeling

swart pet, rooi lel, wit wang
’n donker grys manel
wat loop en peins
goue radarpenne
 gestel
op mere berge winde

bestel:
 a Hem! Mahem!

reënpenne

Die titel “Mahem!”, met ’n uitroepteken, verwys na die harde kenmerkende roep van dié voël. Die eerste reël “Almal beskerm hom” maak ook kontekstueel sin. Nie net word hierdie voël in verskeie lande (waaronder Suid-Afrika en Uganda) deur wetgewing beskerm nie, maar is daar ook die bygeloof by sekere swart kultuurgroepe dat mahems beskerm moet word omdat hulle reën bring (McLachlan en Liversidge, 1978:151). Dit is dan oënskynlik ook die tema van die gedig, ’n “vreemdeling” wat reën “bestel”. Die verwysing na “vreemdeling” dui waarskynlik na die eiesoortige, onmiskembare voorkoms van die mahem, maar ook in die konteks van die tema na die mahem as die welkome vreemdeling aan die einde van die droë seisoen of na ’n langdurige droogte.

Die tweede strofe verskaf ’n eenvoudige, maar treffend akkurate beskrywing van die mahem se voorkoms. Die verwysings na “swart pet”, “donker grys manel” en “loop en peins” skep ’n formele statigheid, maar is ook simbolies van verval en dood, in hierdie geval die droë aarde

⁶⁹ Die mahem is die nasionale embleem van Uganda – wat iets verklap van die statigheid en skoonheid van hierdie voël.

wat smag na die uitkoms wat reën kan bring, oftewel 'n hergeboorte. Dit is 'n tema wat deurgaans in Opperman se oeuvre ter sprake kom. Die mahem se eiesoortige kroon bestaan uit strooikleurige (goue) stekelrige penne wat soos 'n speldekussing in alle windrigtings uitsteek. Opperman verwys daarna as “goue radarpenne”. “RADAR” is 'n akroniem vir “radio detection and ranging” (Nel, 1989:9), oftewel 'n toestel wat gebruik word om met radiogolwe die hoogte, afstand en bewegingsrigting van 'n voorwerp vas te stel (Labuschagne en Eksteen, 2010:970). In “Uil en Pallas Athena” in die “Spermutasie”-siklus (*Dolosse*) gebruik Opperman die beeld van “goue radaroë” waarmee die mens en die uil die “nag van die heelal verken” en wedersyds geheime na mekaar versend (Nel, 1989:9). In “Mahem!” word die “radarpenne” “gestel” op “mere berge winde” om “reënpenne” te “bestel”, dit wil sê op die horisontale (“meer”) en vertikale (“berge”) en beweeg die (radar)golwe wat die reën moet opspoor deur die lug (“wind”). Soos dikwels – en deurlopend in sy oeuvre – maak Opperman in hierdie vers-in-wording treffend van die “sintaktiese trits of trias” (Van Rensburg, 1974:172) gebruik, met “mere berge winde” (reël 8) en ook vroeër met “swart pet, rooi lel, wit wang” (reël 3).

Die bygeloof of mite dat die mahem reën bring, verklaar ook die slotreël van die vers, die woord “reënpenne”. Hierdie vreemde term volg op die formele “bestelling” in die voorlaaste twee reëls, naamlik “bestel” wat gepaard gaan met die aanstellerige kug: “a Hem! Mahem!” wat 'n subtiele verwysing na donderweer kan wees. “Reënpenne” verwys terug na die voël se eienaardige “radarpenne” (die stekelrige goue kuif wat in alle rigtings wys), maar ook na die vallende reëndruppels wat soos “goue penne” in die Afrika-sonlig weerkaats.

Daar is verskeie sterk manlike beelde in “hom”, “rooi lel”, “radarpenne” en “berge”, asook die vroulike beelde in “mere” en “reën”. Moontlik kan hierdie vers-in-wording ook 'n subtiele verwysing wees na die seksdaad – op dieselfde wyse as in “Reën in die Bosveld” (*Heilige beeste*) en “Nagstorm oor die see” (*Negester oor Ninevé*) waar daar ook sprake van dramatiese opbou en ontlading is in soortgelyk weerkundige verband. In “Naaldekoker” (*Heilige beeste*) en veral in “Strelitzia en jangroentjie” (*Komas uit 'n bamboesstok*) is die seksuele uiteraard ooglopend.

4.2.9 “Arende broei adellik”

Hierdie vers-in-wording (Kannemeyer, 2000:140-141) handel oor die Kain en Abel-verskynsel wat by verskeie voëlspecies aangetref word. Dit is interessant dat die Kain en Abel-verhaal ook in die gedig “Sprokie van die spikkelkoei” in Opperman se vierde bundel,

Engel uit die klip, voorkom in 'n totaal ander gedaante. In “Sprokie van die spikkelkoei” word die vergelykbare verhaal vanuit die Zoeloemitologie geskets (Cloete, 1966: 94; Kannemeyer, 1990:209-210; Nortjé, 2011: 63). In beide verse is daar sprake van ironie; die titel in “Sprokie van die spikkelkoei” suggereer 'n speelse “sprokie”, maar die onderwerp is in wese ernstig (Cloete, 1966:95), terwyl die titel “Arende broei adellik” ook ironies is, gegewe die makabere gebeure wat in die arendnes afspeel.

Twee bladsye met kladversies van hierdie vers-in-woording bestaan (Kannemeyer, 2000:141). Die getranskribeerde weergawe (Kannemeyer, 2000:141) lees soos volg:

Arende Broei Adellik

Omdat die vroulike anus
van die arend met tussenpouse
van die dae die kort string
eiers uit haar lyf afknyp,
is alle arende ongelyk.

Die kuikens in die nes voer
volgens Adler, God en Oenkoelonkoe
die stryd van broer teen broer:
van Kain, Abel, en sonder treur
moet Ouboet Kleinboet stukkend skeur.

In die voëlwêreld word die Kain en Abel-gewoonte, dit wil sê waar een kuiken die ander kuiken of kuikens in die nes deur fisiese grootte oorheers of doodpik, onder meer aangetref by parasiterende spesies soos koekoeke (Prozesky, 1964:114) en heuningwysers (Prozesky, 1964:128). By die heuningwyser het die indringerkuiken 'n skerp haak aan die snawel waarmee die eie kuikens van die voogouers knaend gepik en sodanig beseer word dat hulle uiteindelik vrek. Die haak val na enkele dae af, maar dan is die skade reeds aangetref en kry die indringerkuiken eksklusiewe aandag van die pleegouers (Austin, 1961:186; Prozesky, 1964:129). Die Kain en Abel-gewoonte kom ook by verskeie roofvoëls, waaronder jakkalsvoëls (McLachlan en Liversidge, 1978:109) en arende (soos die Witkruisarend (*Aquila verreauxi*)(McLachlan en Liversidge, 1978:98)), voor. Hier is dit bloot 'n geval dat die ouer, en derhalwe groter, kuiken die jonger en kleiner kuiken dood om sodoende die volle aandag van die ouers te ontvang en derhalwe 'n beter kans op oorlewing vir die kuiken, maar ook die spesie as sodanig, te verseker. Om twee (of meer) kuikens groot te maak, is vir die meeste groot jagvoëls bloot te veeleisend. Hierdie ekologiese oorlewingsmeganisme, wat basies neerkom op die oernatuurbeginsel van “oorlewing van die sterkste” (“survival of the fittest”), het Opperman aangegryp en hy beeld dit op makabere, dog spitsvondige wyse uit in hierdie

kort, kragtige vers-in-wording wat weer eens aansluit by al die Opperman-temas, naamlik die aardse (“arend” en “nes”), die vrou (“die vroulike anus”, “nes” en “eiers”), die goddelike (“Adler, God en Oenkoelonkoe” asook die Kain en Abel-verhaal), en ook die Afrika-motief (die verwysing na die Zoeloegod “Unkulunkulu”).

Weer eens gebruik Opperman die trits (Van Rensburg, 1974:172) baie effektief met die verwysing na “volgens Adler, God en Oenkoelokoe” (strofe 2, reël 2). Die gebruik van “en”, eerder as “of” tussen “God” en “Oenkoelonkoe”, sinspeel op ’n tipe goddelike drie-eenheid. Met die Duitse “Adler” (“arend”, oftewel “Adelaar”) word die “godsdiensige simbool van verskillende Indo-Germaanse volke” (WAT I, 1970:56) gestel naas ’n meer universele “God” en die Zoeloe-opperwese Unkulunkulu – wat Opperman doelbewus verafrikaans na “Oenkoelonkoe”. Hierdie transkulturele uitbeelding verhoog opsigself die spanning, misverstand en stryd. Die arende se onafwendbare gedrag en die verskeidenheid gode dui noodwendig op die spanning en stryd tussen volke, kulture en, gegewe die Suid-Afrikaanse omstandighede, ’n rassestryd. Daarbenewens verwys “Adler” ook na die Oostenrykse sielkundige, Alfred Adler (1870-1937). Nadat Adler aanvanklik met Sigmund Freud saamgewerk het, het hy later sy eie teorie ontwikkel waarvolgens hy “the ‘will to power’ as more influential in accounting for human behavior than the sexual drive theory” beskou (Elliott *et al*, 1990:12). Ooglopend sluit hierdie teorie besonder nou aan by die magstryd tussen die arendkuikens.

Die stryd “van broer teen broer” wat die kuikens voer is oënskynlik deur die trias van gode gesanksioneer – soos gesuggereer deur die woord “volgens”. Dit is ’n bevestiging, wat ook gesuggereer word in die titel (“Arende broei adellik”),⁷⁰ dat die reg om te beslis oor lewe en dood by die oppergesag (godheid) berus. Daarbenewens is die uiteinde onafwendbaar, want “sonder treur/ moet Ouboet vir Kleinboet stukkend skeur” (slotreëls). Die ondubbelsinnige “sonder treur”, dit wil sê sonder dat die gewete gepla word, staan in skrilte kontras met die skuldgevoel en kwellende gewete na die broedermoord in “Sprokie van die spikkelkoei” (Cloete, 1966:94-95; Kannemeyer, 1990:210).

Die bloeddorstigheid wat reeds as kuiken in die nes begin, is maar net die begin van ’n lewenslange oorlewingstryd. Reeds in die titel “Arende broei adellik” tref mens Opperman se skerp ironie aan: Arende word as simbool van adellikheid en koninklikheid aangetref in die

⁷⁰ Soos Kannemeyer (2000:140 en 141) uitwys, was ’n vroeëre titel wat Opperman oorweeg het (maar deurgehaal het) “Omdat die arend adellik broei”. Dit is ’n nog duideliker bevestiging van die onafwendbaarheid van hierdie natuurverskynsel, asook die stryd tussen volke en kulture wat deur hierdie gedig gesimboliseer word.

Europese folklore en verskeie kulture (WAT I, 1970:56), maar tog is die arend 'n onrein voël.⁷¹ Hierdie vers-in-wording raak ook op subtiële wyse die rassekwessie en die oorlewingstryd in Suid-Afrika aan. Op baie meer direkte wyse word die swart-wit-kwessie ook aangespreek in nog 'n vers-in-wording in *Sonklong oor Afrika*, “Die tarentale wei” (Kannemeyer, 2000:159) – soos reeds vermeld (in 2.3.5).

4.3 Opsommende kommentaar

Dit is opvallend hoe Opperman in sy laaste bundel en ook in van sy verse-in-wording op besondere wyse teruggryp na die natuur as ryk bron vir digterlike boustof. Die groot aantal gedigte waarin voëls genoem word en die verskeidenheid voëlspesies en -soorte wat deur Opperman ingespan word, is 'n duidelike bewys hiervan. Maar, anders as wat die geval was in sy vroeëre bundels, waar voëls deurgaans meer subtiel figureer (byvoorbeeld as draers van boodskappe (Nolte, 1976:233-236)), is dit opvallend dat in *Komas uit 'n bamboesstok* en ook in *Sonklong oor Afrika* voëls dikwels sentraal staan, maar steeds 'n bepaalde tema, en dikwels die herhalende en deurlopende temas van Opperman se oeuvre op besondere wyse toelig.

⁷¹ Deuteronomium 14:11.

Hoofstuk 5

Slotopmerkings en gevolgtrekkings

5.1 Slotopmerkings

Soos in Hoofstuk 2 vermeld, was Opperman ’n intellektuele digter met ’n besonder breë algemene kennis. Met sy visuele ingesteldheid (Nel, 1989:151) en buitengewone waarnemingsvermoë en insig is dit verstaanbaar dat hy voëls (of bloot anatomiese aspekte of gewoontes van voëls) op besondere wyse in sy gedigte kon inspan en dat hy die voëlspesies en -soorte van sy onmiddellike leefwêreld in Zoeloeland, Natal en die Wes-Kaap sou ontgin. Sy besoek aan Malawi in April 1981 (slegs twee maande voor sy ernstige beroerte) het ooglopend ook in dié verband ’n rol gespeel en van die voëls wat in *Sonklong oor Afrika* voorkom, is tipies voëlspesies wat hy waarskynlik tydens hierdie reis waargeneem het. Hier kan veral die mahem, goudsnip en rinhalskraai vermeld word.

Alhoewel dierebeelde (en veral voëls) baie algemeen deur Opperman ingespan word (Lindenberg, 1974:168-169), is Opperman nie ’n tradisionele natuurdigter (in die eng sin) wat bloot die mooi in die natuur op liriese wyse besing nie (Nienaber en Lategan, 1952:24). Soos Nienaber en Lategan (1952:37) tereg aandui, ontgin digters soos Uys Krige en Opperman eerder die natuur as bron vir beeldspraak. In gedigte soos “Ringdans van die hamerkoppe”, “Strelitzia en jangroentjie”, asook verse-in-wording soos “Die goue snip van Afrika”, “Arende broei adellik” en “Die tarentale wei” waar die natuur (en meer spesifiek ’n bepaalde voëlspesie of -soort) op die oog af sentraal staan, word die voël telkens as simbool of metafoor gebruik om die werklik onderliggende tema van die bepaalde gedig – wat in al hierdie gevalle oor menslike verhoudinge handel – toe te lig.

